Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 41 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae aandagtig deur en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord die vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.



| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN** | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSY NR.** |
| VRAAG 1: *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| VRAAG 2: *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 10 |
| VRAAG 3: *Meeulanders* | 35 | 14 |
| VRAAG 4: *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 18 |
| **AFDELING B: DRAMA** | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| VRAAG 5: *Poppie – Die Drama* | 35 | 22 |
| VRAAG 6: *Paljas* | 35 | 26 |
| VRAAG 7: *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 30 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE** | | |
| **Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| VRAAG 8.1: Two-step in die Moederstad | 17 | 34 |
| **EN** | | |
| VRAAG 8.2: 'n Hulpelose Samaritaan | 18 | 36 |
| **AFDELING D: GEDIGTE** | | |
| **Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| VRAAG 9.1: "Krisis" | 18 | 38 |
| **EN** | | |
| VRAAG 9.2: "Wetenskapmannetjies" | 17 | 40 |

## KONTROLELYS

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | | VRAAGNOMMERS | VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (√) |
|---|---|---|---|---|
| A: | Roman | 1–4 | 1 | |
| B: | Drama | 5–7 | 1 | |
| C: | Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| D: | Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| | | | | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | | |

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

"I just look,sir," het hy sy eerste woorde in Engels gepraat.
"How long have you been standing here?"
Hy dink seker ek het een van sy boeke gesteel, het Saul besluit en gesê: "Not long."
"Where do you come from?"
"I work for mister MacDonald."
"You look more like a woodcutter to me!"
"Yes,sir."
"Well, don't just stand there! Get out!. You not allowed in here."

***

"For to read." Dit het nie reg geklink nie. En hy het voor sy siel geweet hy het nie geld nie, maar iets in die man het die koppigheid al meer in hom losgemaak.

***

"Dit lyk my jy begin mak word op die dorp! Jy vergeet jou plek! As ek weer hoor dat jy moles gemaak het, jaag ek jou terug Bos toe sodat jy weer 'n slag kan gaan wurg in 'n patat! Verstaan jy my?"
"Ja, mister MacDonald."
Hy had nie 'n keuse nie, hy moes buig. Agter MacDonald was Sondae met Kate daarin en nog verder agtertoe die Bos waarheen hy nie kon teruggaan nie.

***

Die eerste Kersfees nadat hy by MacDonald begin werk het, was hy wel terug Bos toe.

***

Op die tafel, onder 'n doek, het 'n skottel gestaan. Toe Sanna die doek wou oplig, het sy pa haar hand gekeer.

***

"Loop sê nou weer vir Harison ons het geskiet!" Jozef slaan langs hom op die tafel met sy vuis. "Loop sê hom solat Pa weer in die hof gaan staan...."

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer.

Die man het Saul uit die (1.1.1) ... weggejaag omdat hy 'n bosmens was. Die dorpsmense het die bosmense as (1.1.2) ... beskryf en wou nie met hulle meng nie; daarom het Saul in die (1.1.3) ... geslaap terwyl hy vir Mister MacDonald gewerk het. Mister MacDonald het Kate gestraf deur haar (1.1.4) ... (plek) toe te stuur omdat sy Sondae by Saul gaan kuier het. (4)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin te voltooi.

“Well, don’t just stand there! Get out!. You not allowed in here.” (Reël 9)

Volgens die woorde en gedrag van die man in reël 9 kan ons sê dat hy (rassisties/bevooroordeeld) is. (1)

1.3 Saul kon Engels praat, al was dit verkeerd.

1.3.1 Wie het vir Saul leer Engels lees en praat terwyl hy vir Mister MacDonald gewerk het? (1)

1.3.2 Waarom, dink jy, was dit goed vir Saul dat die persoon in VRAAG 1.3.1 vir Saul leer Engels lees en praat het? (1)

1.4 “En hy het voor sy siel geweet hy het nie geld nie, ...” (Reëls 10–11)

Waarom het Mister MacDonald nie vir Saul vir sy werk as houtkneg betaal soos hy beloof het nie? (1)

1.5 Saul kom in konflik met ander as gevolg van sy karaktertrekke.

1.5.1 Haal EEN woord uit die eerste 11 reëls aan wat Saul se karakter beskryf. (1)

1.5.2 Hoe het hierdie karaktereienskap veroorsaak dat Saul nie weer na die bos kon teruggaan nie? Verwys na TWEE insidente in die roman. (2)

1.6 “Hy had nie ’n keuse nie, hy moes buig.” (Reël 16)

Wat word met hierdie woorde geïmpliseer? (1)

1.7 In die roman het MacDonald alles gedoen wat hy kon om vir Saul en Kate uit mekaar te hou.

Was MacDonald, volgens jou, ’n omgee-pa, of nie? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Saul het op die eerste Kersdag nadat hy deur Joram weggejaag is, besef dat sy familie ook Terblans se voorbeeld gevolg het.

1.8.1 Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.8.2 Hoe was Joram volgens die hof gestraf omdat hy Terblans se voorbeeld gevolg het? (1)

1.8.3 Waarom kan jy sê dat Joram geen keuse gehad het as om Terblans se voorbeeld te volg nie? Verwys in jou antwoord na die houtkopers. (1)

1.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.9) neer.

Saul se besoek aan sy familie die eerste Kersdag nadat hy die Bos verlaat het, het nie goed geëindig nie, want sy broer het hom daarvan beskuldig dat hy hulle ... het.

A beskinder
B verraai
C verlaat
D belieg (1)

1.10 Sê in jou eie woorde wat Saul en Harrison in gemeen gehad het. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

En hy staan waar die tyding hom kom tref en hy sien MacDonald uit die hoek van sy oog uit die skuur kom. Hy loop met die skuldboek in sy hand ...

***

Hy doen dit sonder haas. Saul. Hy buk af en tel die kluit op en gooi MacDonald agter tussen die blaaie dat die kluit in duisend stofkrummels teen sy rug verspat, en hy skram nie eens weg toe MacDonald omsteier nie.

“Wie de hel het my gegooi?” skree MacDonald en kyk reguit na hom.

Hy het MacDonald nie geantwoord nie, net omgedraai en skuur toe geloop. Hy het sy paar stukkies goed in sy baadjie gebondel en sy skoene aangetrek.

***

MacDonald was aan die rooi word. “Jy sal hier bly totdat mister Patterson se pan uitgekom het en julle skuld afbetaal is!”

“Ek skuld niks meer nie en die pan het Patterson vir my gegee.”

“Jy sal die pan in my hande besorg of ek laat jou vang!”

“Die pan is myne. Patterson het dit vir my gegee,” het hy volgehou.

“Waar is die pan?”

“Waar ek dit weggesteek het.”

***

“Ek is nou moeg vir jou! Loop sit jou bondel neer en loop doen jou werk!”

“Ek werk nie meer hier nie.”

“Jy sal hier werk totdat die laaste pennie van julle skuld betaal is!”

“Dan sal dit vir die res van my lewe wees, mister MacDonald. Maar die res van my lewe behoort nie aan jóú nie, dit behoort aan my.”

1.11 Lees reël 1.

Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

Saul het ŉ slegte tyding gekry dat (Jozef se seun / Arend) dood is. (1)

1.12 Noem TWEE dinge wat die bosmense op skuld by MacDonald geneem het as “goodfors”. (2)

Kopiereg voorbehou 

1.13 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.13) neer.

Die funksie van die alleenplasing van Saul se naam in reël 3 simboliseer ...

A Saul se skuldgevoelens teenoor die bosmense.
B Saul se keuse om homself van MacDonald te bevry.
C die skewe sirkel waarin Saul en die bosmense vasgevang is.
D Saul se liefde vir die Bos. (1)

1.14 Wat impliseer hierdie woorde? “MacDonald was aan die rooi word” (Reël 9) (1)

1.15 Wie was mister Patterson? (1)

1.16 Dink jy dat mister MacDonald ŉ regte besluit geneem het om vir Saul saam met Patterson bos toe te stuur. Ja of Nee. Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

1.17 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Saul het mister Patterson se pan gesteel. (1)

1.18 Sê in jou eie woorde waarom dit belangrik vir Saul was om aan Patterson se pan vas te hou. (1)

1.19 Verskillende karakters het ŉ rol gespeel om van Saul ŉ alleenloper en buitestaander te maak.

Kies die korrekte karakter uit Kolom B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.19.1 tot 1.19.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.19.1 | Hierdie karakter het Saul gevra om nie te sê dat hy Joram Barnard se seun is nie. | A | Kate |
| 1.19.2 | Hierdie karakter het Saul ŉ stuk brood geweier. | B | Patterson |
| 1.19.3 | Saul moes sy liefde teenoor hierdie karakter ontken omdat hierdie karakter verbode was. | C | MacDonald |
| 1.19.4 | Hierdie karakter het Saul opstandig gemaak teenoor houtkopers. | D | Jozef |
| | | E | Joram |

(4 x 1) (4)

1.20 Skryf die volgende gebeure onder mekaar neer in die korrekte VOLGORDE soos dit in die roman gebeur:

- Saul oorreed Jozef om sy hout aan hom te verkoop in ruil vir geld.
- Saul het MacDonald se diens verlaat om te gaan goud delf.
- Saul het na Knysna toe teruggekeer om sy meubelmakery te gaan begin.
- Saul weier om mister Barkley se stampmeul te neem om goud uit die bos te haal. (4)

**[35]**

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

Liewer leser, ek wil vir my ŉ lewe opmaak. Die lewe van ŉ amper vyftienjarige meisie met ŉ eksotiese naam soos Fabienne.
Sy's ek, maar sy's ook nie ek nie. My *alter ego*, soos juffrou Liebenberg dit noem.

***

Die ander ding wat my onderskei, natuurlik, is my ingewikkelde gesinslewe. En dit steek ek meestal ook maar weg. Die kinders wat wel daarvan weet, soos Sharon, dink dit moet fantasties wees om so ŉ buitengewone gesin te hê.

***

Nee. Ek wil oor stralende geluk skryf. Miskien omdat my eie lewe so ŉ tekort aan stralende geluk het.
Vat nou maar my ma se nuutste verspotte plan. Mana Minnaar het nog nooit ŉ tekort aan simpel idees gehad nie, maar hierdie een is sowaar simpel verby. Sy het besluit sy wil ŉ wittebrood hou – vir die eerste keer in haar lewe – maar dit sal nie ŉ gewone, normale wittebrood wees nie.

***

Beyers het die nuus vir ons aan tafel meegedeel (die slegste nuus in hierdie huis word altyd aan tafel meegedeel, gewoonlik terwyl ons sop eet) en toe begin almal gelyk gil en skree.

***

Mana en Beyers het verslae na mekaar gekyk.
"My hele lewe lank wou ek deel wees van ŉ groot, gelukkige gesin," het Beyers geprewel.
En toe begin hulle lag.
Dis hoe hulle verhouding begin het. En dis hoe hulle waarskynlik vir altyd en altyd bymekaar gaan bly. Lag-lag.

2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer.

Hanna het ŉ wonderlike (2.1.1) ... volgens juffrou Liebenberg. Sy skryf altyd goeie (2.1.2) ... Sy is ongelukkig oor haar gesin en haar (2.1.3) ... daarom wil sy vir haar ŉ nuwe lewe opmaak. Later besluit sy om liewer ŉ (2.1.4) ... lewensverhaal oor haarself te skryf. (4)

2.2 Dink jy dat Sharon ŉ goeie maatjie vir Hanna tydens die wittebrood was? Motiveer jou antwoord. (1)

2.3 Lees reël 5.

"Die ander ding wat my onderskei, natuurlik, is my ingewikkelde gesinslewe."

Hanna het ŉ "ingewikkelde gesinslewe" gehad.

Verduidelik hierdie stelling deur te verwys na haar ma en haar biologiese pa. (2)

2.4 Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin mee te voltooi.

Hanna was gelukkig aan die einde van die verhaal omdat haar wens bewaarheid word toe sy (ŉ suster gekry het/ besluit het om haar lewensverhaal te skryf). (1)

2.5 Sê in jou eie woorde waarom Mana se voorstel oor die wittebrood ironies was. (1)

2.6 Alhoewel dit Mana se tweede huwelik is, kon sy nie voorheen op ŉ wittebrood gaan nie. Noem TWEE redes waarom nie. (2)

2.7 Wat is die naam van die plek waar hierdie wittebrood sou plaasvind? (1)

2.8 Die wittebrood gaan hulle ŉ paar rand kos.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. Motiveer jou antwoord. (1)

2.9 "Sy het besluit sy wil ŉ wittebrood hou ..." (Reël 13)

2.9.1 Wat was die doel van hierdie wittebrood? (1)

2.9.2 Sou jy sê dat die wittebrood ŉ verskil gemaak het aan Hanna se siening oor haarself en haar gesin? Motiveer jou antwoord. (1)

2.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi.

"Mana en Beyers het verslae na mekaar gekyk" (Reël 18) omdat ...

A hulle nie tevrede was met hulle nuwe huis nie.
B Margot sou kom kuier.
C Gavin sou kom kuier.
D die kinders gekant was teen die vakansieplanne. (1)

2.11 Lees reëls 19–20.

"My hele lewe lank wou ek deel wees van 'n groot, gelukkige gesin," het Beyers geprewel.

Hoe het Beyers se woorde WAAR geword aan die einde van die verhaal? Noem EEN feit. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

Toe dog ek dalk moet ek vir my ma 'n man soek. 'n Normale man met 'n das en 'n aktetas. Dan hoef sy mos nie so hard te werk om twee kinders aan die lewe te hou nie. Maar elke keer as ek vir haar 'n man gewys het wat vir my perfek lyk, 'n prokureur of 'n rekenmeester of so iets, het sy uitgebars van die lag.

Ek het haar nogtans omgepraat om op 'n paar blind dates te gaan. (Net vir die grap, het sy vir Tibo gesê. Net om vir Hanna stil te kry.) Elke enkele afspraak was 'n katastrofe. My ma het geweier om ordentlik aan te trek. "Hy moet my vat soos hy my kry!". Helaas. G'n prokureur of rekenmeester het ooit enige begeerte getoon om 'n vrou te vat wat soos 'n besonder bont voëlverskrikker lyk nie. Een aand, toe sy saam met 'n tandarts uit is, het sy selfs geweier om 'n blou verfkol van haar wang af te was. Dis die aand toe ek besef het ek sal nooit 'n tandarts as stiefpa hê nie.

"Dis nie só erg nie, Hanna," het sy getroos terwyl ek in my bed lê en snik het. Ek wil nie meer trou nie. Nie met 'n tandarts nie, nie met 'n prins nie, nie eens met Nelson Mandela nie."

Ha-ha. Skaars 'n paar weke ná sy en haar hond vir Beyers en sy hond teen die hange van Tafelberg raakgeloop het, het sy besluit met hiérdie kêrel wil sy trou. Wat het Beyers wat Nelson Mandela nie het nie, wou ek weet. My ma het gegiggel.

2.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies om die sin mee te voltooi.

"Toe dog ek dalk moet ek vir my ma 'n man soek. 'n Normale man met 'n das en 'n aktetas." (Reëls 1–2)

2.12.1 Mana het van mans gehou wat (formele/informele) kleredrag dra. (1)

2.12.2 Beskryf Mana se buitengewone kleredrag. Noem EEN feit. (1)

2.13 Waarom moes Mana haar twee kinders alleen grootmaak? (1)

2.14 Sê waarom die volgende stelling WAAR is.

Mana se keuse van 'n pa vir Tibo was buitengewoon. (1)

2.15 Wat was anders omtrent Hanna se pa? (1)

2.16 Mana was voorheen met Gavin getroud.

2.16.1 Waarom het Mana besluit om met Hanna se pa te trou? (1)

2.16.2 Dink jy dat Mana se besluit om van Gavin te skei aanvaarbaar was? Motiveer jou antwoord. (1)

2.17 Lees reëls 18–19.

2.17.1 In watter stad het Mana vir Beyers ontmoet? (1)

2.17.2 Noem EEN ongewone geskenk wat Beyers aan Mana gegee het om sy liefde aan haar te bewys. (1)

2.17.3 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is.

Beyers was ŉ onromantiese man. (1)

2.18 Hanna en haar gesin het vele talente.

Kies die KORREKTE beskrywing uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.18.1 tot 2.18.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.18.1 | Beyers | A | Hierdie persoon is ŉ skilder. |
| 2.18.2 | Mana | B | Hierdie persoon is ŉ klereontwerper. |
| 2.18.3 | Hanna | C | Hierdie persoon ŉ televisie-aanbieder. |
| 2.18.4 | Gavin | D | Hierdie persoon is ŉ skrywer. |
| | | E | Hierdie persoon is ŉ tandarts. |

(4 x 1) (4)

2.19 Hanna-hulle het nie almal op dieselfde tyd by die berghuis opgedaag nie.

Skryf die volgende gebeure onder mekaar neer in die korrekte VOLGORDE soos dit in die roman gebeur:

- Gavin hamer teen die deur en kruip oor die drumpel hande-viervoet.
- Sharon se pa se splinternuwe 4 X 4 dreun teen die bergrand op.
- Margot daag in haar wit Golf op toe dit hard begin reën.
- Hanna-hulle daag laatmiddag op in hulle kombi na ŉ nagmerrierit. (4)

**[35]**

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

"Jy't nie die pos gekry nie?"
Doreen skud haar kop. "Dit was seker nie vir my bedoel nie. Meneer Peters van die Kaap het die pos gekry. Jason Peters." Toe sy die naam sê, onthou sy in 'n vlietende oomblik die man se warm hand, maar sy skuif die gedagte daaraan doelbewus weg. "Reggie het die panele klaar met seildoek oorgetrek en in plastiek verpak. Hy sal dit afbring na die Meeuw toe Maandagoggend." Sy kyk Ryna direk aan. "Is dit vir jou lekker daar op Meeuland?"
"Dis ... 'n ander soort lewe as waaraan ek gewoond was. Dit is goed vir my daar." Vir 'n oomblik wens sy sy kan vir Doreen vertel wie sy is en waar sy vandaan kom. Sy wens sy kan haar hart oopmaak voor hierdie vrou met die besonderse begrypende oë. Sy wens sy kan praat oor Ronnie en Vincent. Eendag sal ek seker kan, dink sy.
"Sal Donovan nie 'n slag saam met Daniel Meeuland toe wil kom nie?"
Doreen kyk haar verras aan. "Hy sal!"
"Miskien in die April-vakansie?"
"Regtig?"
"Ek sal vir MacDonald vra om vir hom 'n permit te reël. Ek sal hom omkoop met 'n vars gebakte bruinbrood," voeg sy laggend by.
Toe hulle groet, omhels hulle mekaar met die innigheid van twee mense wat naby aan mekaar gekom het.

3.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) neer.

(3.1.1) ... gaan saam met Doreen en haar gesin bly. Dit veroorsaak moeilikheid wanneer Reggie se broer (3.1.2) ... laat weet dat hy vir hulle kom kuier. Doreen voel onmiddellik aangetrokke tot die nuwe (3.1.3) ... nadat hy haar hand geskud het. Doreen is in beheer van die skool se (3.1.4) ... en sy vra vir Ryna om haar te help met die dekor daarvoor. (4)

3.2 Lees reël 1.

Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Doreen het aansoek gedoen vir die (onderhoof/skoolhoof) se pos by die skool. (1)

3.3 "Sy wens sy kan haar hart oopmaak voor hierdie vrou ..." (Reël 11)

Waaroor wou Ryna met Doreen gesels? (1)

3.4 Verduidelik wat daartoe gelei het dat Mary vir Doreen geskel het. Noem TWEE dinge. (2)

Kopiereg voorbehou 

3.5 Doreen is bly dat daar niks tussen haar en Jason gebeur het nie.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.6 Die volgende vrouens van Meeuland en Salamanderbaai het 'n belangrike rol in die verloop van die verhaal gespeel.

Kies die KORREKTE beskrywing uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.6.1 tot 3.6.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.6.1 Elsabet | A Sy word 'n ware vriendin vir Ryna. |
| 3.6.2 Ousanna | B Sy het haar swangerskap 'n geheim gehou. |
| 3.6.3 Doreen | C Sy het selfmoord gepleeg nadat haar man haar verneuk het. |
| 3.6.4 Sheila | D Sy soek 'n beter lewe vir haarself. |
| | E Sy sê dat Ryna haar huis kan koop. |

(4 x 1) (4)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.7) neer.

Jason kan homself blameer oor Doreen se bedanking, want ...

A sy vrou het Doreen gehaat.
B die onderwyseresse skinder dat hy te veel met haar praat.
C sy vrou het gesien hoe hy haar op haar verjaarsdag soen.
D hy het haar gereeld na sy kantoor toe geroep. (1)

3.8 Waarom kan mens verstaan dat Doreen moes bedank? (1)

3.9 Wat was die storie wat die hof geglo het oor hoe Ryna se man en seun oorlede is? Noem TWEE feite. (2)

3.10 Wat verander Ryna omtrent haarself voordat sy Meeuland toe gaan? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

Op die Vrydagmiddag gaan haal Ryna vir Ant Ousanna om na die huis te kom kyk. Die ou vrou se blinde oë dwaal deur die plek wat vir soveel jare haar tuiste was. Sy voel aan die nuwe kassies, die wit teëls in die nuwe badkamer, die toonbank in die kombuis. Sy neem alles verwonderd waar, asof sy dit met haar oë kan sien: die plante en prente, geweefde matte en die rak vol boeke, die knus gesellligheid.
Ryna laat haar in een van die nuwe sagte stoele sit.
"Ek kan voel jy leef hier, Ryna. Die warmte omring my."
"Ek is baie gelukkig hier, Ant Ousanna. En dankbaar. Ek het vrede met my verlede gemaak."
"Kom hier, my kind."

Ryna gaan na haar toe en gaan sit op die klein houtbankie by haar voete.
Sy neem die hand wat Ousanna vir haar uithou.
"Eendag sal die man wat jy liefhet, saam met jou hier woon. Maar daar is nog ŉ groot tyd van eensaamheid. Jy moet vir hom wag, my kind. Daar is ŉ swart rivier. Dit kronkel deur julle lewens. Julle sal eers daardeur moet kom."

"Ant Ousanna het eenkeer gesê dat die stryd van die liefde die grootste stryd op aarde is?"
"Ja, dit is. Sal jy vir hom wag, my kind?"
"Ek sal, Ant Ousanna."
Dan sien sy dat Ousanna peinsend sit en uitstaar deur die nuwe venster oor die see. Sy vryf haar arms.

3.11 Skryf die volgende gebeure onder mekaar in die regte VOLGORDE neer.

- Jacob ontmoet vir prof. Van Keulen.
- Jacob word skuldig bevind aan strafbare manslag.
- ŉ Brand ontstaan in Ryna se huis.
- Ronnie is oorlede. (4)

3.12 Stem jy saam dat Jacob, Ryna en Jannerik geen ander keuse gehad het as om die twee babas om te ruil nie? Motiveer. (1)

3.13 Noem TWEE dinge wat ŉ mens ŉ tipiese "Meeulander" sal maak. (2)

3.14 "Dit kronkel deur julle lewens. Julle sal eers daardeur moet kom." (Reël 15)

Verduidelik waarna Ousanna verwys. (1)

3.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.15) neer.

"Dan sien sy dat Ousanna peinsend sit en uitstaar deur die nuwe venster oor die see. Sy vryf haar arms." (Reëls 20 – 21)

Ousanna wat uitstaar oor die see verwys na Ousanna se vermoë om ...

A die toekoms presies te voorspel.
B die Meeulanders te help tydens hul oomblikke van swaarkry.
C baie besorg teenoor ander mense te wees.
D aan te voel wanneer iemand in gevaar is of wanneer iemand gaan swaarkry. (1)

3.16 Elsabet word as 'n baie selfsugtige karakter uitgebeeld. Op watter TWEE maniere het haar selfsug haar eie lewe verwoes? Verwys in jou antwoord na haar selfsugtige keuses. (2)

3.17 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ryna van Rensburg se traumatiese verlede het veroorsaak dat sy geheime gehou het oor haar (ware identiteit/finansiële probleme). (1)

3.18 Ryna het ook ander goeie mense op Meeuland en Salamanderbaai ontmoet.

Sou jy saamstem dat Jannerik 'n tipe kameraad vir Ryna op Meeuland is? Motiveer jou antwoord. (1)

3.19 Wat simboliseer die eiland vir Jacob? (1)

3.20 "Ja, dit is. Sal jy vir hom wag, my kind?" (Reël 18)

Dink jy dat Ryna haar belofte om vir Jacob te wag, sal hou? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

3.21 Sekere gedeeltes van die roman word in kursief gedruk.

Verskaf EEN rede vir die doel van die kursiefgedrukte gedeeltes. (1)

**[35]**

## VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

"Ek voel so sleg omdat jy kos koop met jou geld," sê haar ma terwyl sy nogsteeds deur die venster kyk.
Lien moet op haar tande byt om nie iets te sê nie.
"Ma kan altyd weer begin klavierlesse gee," sê sy na 'n rukkie terwyl sy die tamaties in die yskas pak. Haar ma vat nog 'n slukkie wyn. Die ys rinkel in die glas.
"Ma kan baie meer geld met musiekklasse maak as wat Ma ooit by daai simpel staatsdepartement gaan kry." Sy kyk na haar ma wat beweginglooos na buite tuur en net nou en dan 'n slukkie uit die glas neem.
"Hoekom speel Ma nooit meer nie?" Haar ma sê niks nie. Slukkie.
As haar ma dan nie meer wil speel nie, *big deal,* dan sal sy wat Lien is, speel. Sy storm eetkamer toe en pluk die klavier se deksel oop. Die klavierstoeltjie maak 'n skreeugeluid terwyl sy dit hardhandig agtertoe skuif. Sy kan nog die "Blou Donau" so effens onthou, haar *claim to fame* uit haar laerskooldae toe haar ma nog gehoop het sy of Braam gaan in haar musiekvoetspore volg. Sy sukkel om die note te onthou, maar sy speel so hard as wat sy kan, tráp die pedaal. Die wysie dreun vals-vals deur die huis.

4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer.

Lien bly in 'n (4.1.1) ... saam met haar ma en broer (4.1.2) ... (naam). Die stad waarin hulle bly is (4.1.3) ... (plek). Die hoërskool wat sy en haar broer bywoon is Hoërskool (4.1.4) ... (4)

4.2 Verduidelik die ironie in die ma se woorde wanneer sy sê dat sy sleg voel oor die feit dat Lien die kruideniersware gekoop het. (1)

4.3 Wat hou haar ma in haar hand vas terwyl sy by die venster staan? (1)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.4) neer.

Lien het gou besef dat haar ma 'n onbetrokke ouer geword het. Lien was ... genoeg om die leisels oor te neem en na Braam om te sien.

A vriendelik
B bedagsaam
C verantwoordelik
D vredeliewend (1)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord uit diè tussen hakies:

Lien het eerste by 'n (haarsalon/koffiewinkel) gewerk om sakgeld te verdien. (1)

4.6 Waarom kan jy verstaan dat Lien dikwels kwaad geraak het met haar ma? Noem TWEE redes. (2)

4.7 Hoekom dink jy moet Lien op haar tande byt in hierdie toneel? (1)

4.8 Christien steur haar glad nie aan wat Lien hier vir haar sê of voorstel nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

4.9 Is dit aanvaarbaar vir ouers om te verwag dat hul matriekkind finansieel tot die huishouding moet bydra? Motiveer jou antwoord. (1)

4.10 Kies die karakter in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.10.1 tot 4.10.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.10.1 | "Engel, dis meer as wat jy moet kry ..." | A | Lien |
| 4.10.2 | "Wil Ma iets eet?" | B | Braam |
| 4.10.3 | "Mis jy ooit jou pa?" | C | Dirkie |
| 4.10.4 | "Is jy mal? Dis 'n vroumenshaarkapper!" | D | Donovan |
| | | E | Wouter |

(4 x 1) (4)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Lien vertel verleë van die komende eksamen en dat sy hard moet leer, want sy het nie te goed in die rekordeksamen gedoen nie. Sy wil van Creations vertel, maar besluit daarteen.
"Jy kon kom sê het," sê Roos beskuldigend. Sy trek aan haar sigaret dat die kooltjie rooi brand.
"Ek is jammer," sê Lien terwyl sy van die een na die ander kyk.
Tibbey vra uit oor haar ma. Sy vertel dat sy terug is in die kliniek en dié slag langer gaan bly. Tibbey maak tsk-tsk-geluidjies. "Au, shame. You must keep hanging in there."
Hulle praat nog ŉ rukkie en dan vra Roos: "Wanneer kom jy terug?" Sy kyk weer beskuldigend na Lien.
Lien weet nie wat om te sê nie.
"Ek weet nie eintlik nie ... Dis nou die eindeksamen en ek móét deurkom."
Roos sê niks nie. Sy staan steunend op. "Tibbey, ons moet gaan werk. Anders as party mense moet party mense werk."
"Die ou lady is reg. Dis Saterdag the Sharks and the Bulls. Time for a killing!" Hy trek weg en swaai sy karretjie behendig in die rigting van Entertainment Corner. Waai met sy vlag vir haar oor sy skouer.

4.11 Skryf die volgende gebeure onder mekaar in die KORREKTE VOLGORDE neer.

- Miemie nooi vir Lien om haar 18de verjaarsdag by die Wimpy te vier.
- ŉ Rukwind waai die pruik van Lien se kop af en Gerhard herken haar.
- Lien gaan na ŉ oudisie vir die skool se toneelstuk.
- Lien vra Hein om ŉ karretjie vir Tibbey te ontwerp. (4)

4.12 "Tibbey, ons moet gaan werk. Anders as party mense moet party mense werk." (Reël 14–15 )

4.12.1 Wat is die ruimte van die bogenoemde uittreksel? (1)

4.12.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lien het nie meer saam met hulle gebedel nie, want sy moes (in die haarsalon werk/haar matriekjaar voltooi). (1)

4.12.3 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.12.2. (1)

4.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.13) neer.

Lien se ma moes vir ŉ tweede keer kliniek toe gaan, nadat sy ...

A weer van die werk af weggebly het.
B wyn by Pick n Pay gesteel het.
C dronk by die werk opgedaag het.
D dronk bestuur het. (1)

4.14 Gee TWEE redes waarom Roos so beskuldigend met Lien praat? (2)

4.15 Lien se vriende het haar gehelp toe Tibbey sy ongeluk gehad het. Motiveer hierdie stelling deur te noem hoe elkeen van die volgende vriende vir Lien gehelp het na Tibbey se ongeluk:

- Dirkie
- Hein (2)

4.16 Dit was nie vir Lien maklik om vir haar gesin te sorg nie.

Motiveer die stelling deur na die volgende te verwys:

4.16.1 Lien se uitdagings wat sy by die huis ervaar het. Noem EEN feit. (1)

4.16.2 Wat sê dit van Lien se karakter dat sy besluit het om vir Braam en haar ma te sorg? (1)

4.17 Verduidelik waarom Lien tydens die rekordeksamen swak gevaar het. Noem slegs EEN feit. (1)

4.18 Verduidelik waarom Lien vir Wouter as haar beste vriend beskou het. Noem TWEE feite (2)

4.19 Kies die KORREKTE antwoord uit diè tussen hakies.

Die verhaal sluit af waar Lien vir beide haar ouers bewys dat sy gewillig is om vrede te maak deur (hulle albei te besoek/hulle albei te omhels). (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

STONE (*plaas sy arm om haar skouers*). Toe kom die ding dat hulle nou vir ons sê, ons moet nou gaan waarnatoe ons wil, maar ons Xhosa-mense moet net weg uit Lambertsbaai uit.
JAKKIE. Die mense was baie ontevrede.
MOSIE (*spring driftig op, loop heen en weer, beweeg na Stone en Poppie*). Ek gaan nie hierso weg nie. Ek het hier grootgeraak ... Bhuti Mbatane het twaalf jaar in Lambertsbaai gewerk en voor dié tyd in Lüderitzbucht. Waarnatoe moet hy nou gaan?

***

STEM. Die mans kan aanbly, maar die vrouens en kinders wat leeglê, moet weggaan na waarvandaan hulle gekom het of by ander plekke gaan werk soek.
HOEDJIE. Toe word die huise aan die brand gesteek deur die munisipaliteit.

***

POPPIE. Toe die wet nou sterk word dat die Xhosa-mense moet uitgeroei word uit die dorpe uit, toe hulle nou baie gebrand het daar in Lambertsbaai, toe het ons ook maar begin dink aan weggaan.
STONE. Poppie se mama en Bhuti Mbatane en Hoedjie en Plank en Mosie het in 1955 weggegaan.

***

POPPIE. Ek het eers agtergebly, want tata-ka-Bonsile wou nie sy werk by die fabriek aflos nie.

5.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer.

Stone kom van (5.1.1) ... (plek) in die Oos-Kaap. Sy bynaam was (5.1.2) ... Hy het vir sy ouer broer in (5.1.3) ... (plek) gaan kuier, toe besluit hy om aan te bly en in die fabriek as (5.1.4) ... te werk. (4)

5.2 Watter gevoel wys Stone deur sy handeling in die toneelaanwysing in reël 1? (1)

5.3 "Toe kom die ding dat hulle nou vir ons sê, ons moet nou gaan waarnatoe ons wil, maar ons Xhosa-mense moet net weg uit Lambertsbaai uit." (Reël 1–3)

Na watter moontlike plekke kon die Xhosa-mense gaan? Noem slegs EEN plek. (1)

5.4 STEM. Die mans kan aanbly, maar die vrouens en kinders wat leeglê, moet weggaan na waarvandaan hulle gekom het of by ander plekke gaan werk soek. (Reël 9 en 10)

5.4.1 Haal EEN woord uit die reëls aan wat sê dat die regering neersien op vroue en kinders. (1)

5.4.2 Wat impliseer hierdie woord omtrent die vrouens en kinders? (1)

5.4.3 Sê in jou eie woorde hoe die besluit wat die regering gemaak het die Xhosa-mense se lewens sou affekteer. Noem TWEE feite. (2)

5.5 Hoe het Poppie se ma se huwelik met Bhuti Mbatane ʼn negatiewe effek op Poppie se lewe as kind gehad? (1)

5.6 HOEDJIE. Toe word die huise aan die brand gesteek deur die munisipaliteit. (Reël 12)

5.6.1 Waarom dink jy was die munisipale werkers se gedrag ironies? Noem ALBEI kante. (1)

5.6.2 Wie het die munisipale werkers gehelp om die mense se meubels en besittings uit die huise te dra? (1)

5.7 "Toe die wet nou sterk word ..." (Reël 13)

Na watter wet verwys Poppie? (1)

5.8 In hierdie drama word huise om verskillende redes afgebrand.

Waarom het die kinders teen die einde van die drama die huise aan die brand gesteek? (1)

5.9 Kies die KORREKTE antwoord uit diè tussen hakies.

Poppie het besluit om eers agter te bly sodat sy (vir Stone kon kook en sy klere versien/ seker kon maak dat Stone sy medikasie neem). (1)

5.10 Lees die hele uittreksel. Sê wat die stemtoon in die uittreksel is. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| STONE. | Toe Poppie in die Kaap aankom, toe kom hoor sy vir die eerste keer van die pasbesigheid. Die pasbesigheid was iets heeltemal vreemds vir haar. |
| | *** |
| POPPIE. | (aan Mama). Daar's nie ander pad vir my nie, Mama. Ek moet gaan werk. Daar's nie .... vir my hier nie. |
| MAMA. | Die bybie kan by my bly, maar as ek nou die dag gaan char en die miesies wil nie hê ek moet die kind saambring nie? Wat maak ek dan? |
| POPPIE. | Dan moet Katie uit die skool uit bly en my bybie oppas, Mama. Soos ek Mama se bybie opgepas het. |
| | *** |
| MAMA. | (*roep by kombuisdeur*). Skoonseun! (*Draai om na Poppie.*) Hy wag al vir jou vandat hy uit die werk gekom het. |
| POPPIE. | Het hy dan werk gekry? |
| | *** |
| STONE. | Ek het kontrak gevat. |
| POPPIE. | Ja, ek weet. Die dairies in Philippi. Dis die kontrak wat jy vat as jy niks anders kry nie. Maar die werk is swaar. Hoe gaan jy dit hou? Die mense sê dat hulle vingers seer word en opswel en die kliere onder die arms swel. |
| STONE. | Maar dis naby die huis. Ek kan met die voet loop. Ons begin Vieruur in die oggend melk, en ons melk tot twee-uur. As die melkkanne terugkom, begin ons die kanne was. Maar ek is vyfuur terug by die huis. (*Hy was nors, nou word hy aggressief.)* Dis vroeër as wat jy klaarkry. |

5.11 Kies die KORREKTE antwoord uit diè tussen hakies.

Mama het 'n (voltydse/deeltydse) werk as char in die Kaap gehad. (1)

5.12 Verduidelik in jou eie woorde watter tipe werk "char" is. (1)

5.13 Waarom was Poppie forseer om te gaan werk? Verduidelik in jou antwoord wat dit is wat sy nie gehad het nie. (Reël 4–5) (1)

5.14 In watter woonbuurt in Kaapstad het Mama en Bhuti Mbatane 'n erf gekry waarop hulle 'n huis kon bou? (1)

5.15 Verduidelik die ironie met betrekking tot Stone se kontrakwerk by die dairies. (1)

5.16 Sou jy, soos Stone, die werk by die dairies aanvaar het?

Motiveer jou antwoord. (1)

5.17 Bonsile het ŉ meisie swanger gemaak. Hoe kon Stone se werk by die dairies later vir Bonsile bevoordeel? (1)

5.18 Watter emosie het Poppie ervaar toe sy uitvind dat Stone by die melkery gaan werk? (1)

5.19 Poppie en haar familie het verskillende redes gehad waarom hulle nie Lambertsbaai wou verlaat nie.

Kies die rede uit KOLOM B wat by die persoon in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.19.1 tot 5.19.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.19.1 | Mosie | A | Hierdie persoon wou nie van die kindjie se graf geskei wees nie. |
| 5.19.2 | Bhuti Mbatane | B | Die persoon het by Union College studeer. |
| 5.19.3 | Mama Lena | C | Hierdie persoon wou nie sonder werk sit nie. |
| 5.19.4 | Poppie | D | Hierdie persoon was bekommerd oor waar hulle ŉ huis sou kry. |
| | | E | Hierdie persoon het ŉ drankprobleem gehad. |

(4 x 1) (4)

5.20 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die KORREKTE VOLGORDE neer.

- Poppie se man, Stone, sterf as gevolg van ŉ maagkwaal.
- Poppie se kleinkind sterf as gevolg van ŉ klipgooi.
- Poppie se ouma Hannie sterf as gevolg van ouderdom en siekte.
- Poppie se kind sterf as gevolg van kinkhoes. (4)

5.21 "Sy het nog ŉ ander naam ook gehad – Ntombizodumo, wat beteken: meisie uit ŉ geslag van groot vroue."

Motiveer waarom Poppie "groot" opgetree het in hierdie drama. Noem TWEE feite. (2)

**[35]**

## VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

22. Katrien en Emma in Katrien se slaapkamer voor die spieëlkas. Emma sit vir haar ma in die spieël en kyk en Katrien is besig om Emma se hare te vleg.

EMMA: Ma stry verniet.
KATRIEN: Wat?
EMMA: Ek het oë in my kop. Ma loop met goed rond waaroor Ma nie praat nie.
KATRIEN (vinnig): Ag, ons almal seker maar.
EMMA: As Ma kon oor kies, sou Ma weer trou?
KATRIEN (verbaas): Hoekom vra jy dit?
EMMA: Oor ek wil weet.
KATRIEN: Ek het nog nooit daaroor gedink nie. (ŉ Gespanne laggie.) Kragtie, Emma, watse praatjies is dit?
EMMA: Ek gaan nooit trou nie.
KATRIEN: Hoekom nie? (Emma antwoord nie.) Emma? (Emma sit net voor haar en kyk, sonder om iets in die spieël raak te sien.) Jy's nog so jonk, my kind. Jy's heeltemal te jonk en te mooi om nou al te moet bang wees.
EMMA: Ma was ook jonk. Ma was ook mooi. (Na ŉ ruk.) Ma is nog mooi. (ná nog ŉ ruk.) Ek hou niks van Oom Frans nie.
Katrien kyk op. Hulle oë ontmoet in die spieël. Hulle kyk ŉ hele rukkie vir – mekaar.

6.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer.

In hierdie spesifieke toneel kan ons sien dat Emma gekant is teen die idee van (6.1.1) ... Dit is as gevolg van die (6.1.2) ... in haar ouers se huwelik dat sy so voel. Dit het veroorsaak dat Katrien Frans se (6.1.3) ... geniet en verwelkom. Behalwe vir Emma hou (6.1.4) ... ook niks van Frans nie. (4)

6.2 Frans Lombard het gereeld by Katrien kom inloer. Noem DRIE dinge wat Katrien gewoonlik gedoen het toe sy Frans se bakkie gehoor het. (3)

6.3 Hendrik was glad nie bewus van Frans se kuiertjies met Katrien nie.

Sê waarom die stelling ONWAAR is. (1)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord uit diè tussen hakies.

Emma hardloop gewoonlik (treinstasie/veld) toe as iets haar ontstel. (1)

6.5 Die volgende karakters het belangrike rolle in die drama gespeel.

Kies die aanhaling in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (6.5.1 tot 6.5.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.5.1 Katrien | A “Sy moet haar gehollery begin afleer.” |
| 6.5.2 Hendrik | B “Oom probeer heeltyd om my aan haar te verkoop. Oom moenie, Oom.” |
| 6.5.3 Frans | C “Ek is op pad dorp toe, as jy iets nodig het.” |
| 6.5.4 Nollie | D “Ek sê jou elke keer – ons moet geduld gebruik.” |
| | E “Lyk my dis ’n kwaal van die McDonalds ... om hulle bekke te hou.” |

(4 x 1) (4)

6.6 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.6) neer.

Hendrik en Nollie hou daarvan om saam op die stoep te sit en na die ... te luister.

A radio
B televisie
C naggeluide
D plate op die grammofoon (1)

6.7 Wat was die gevolg van Nollie wat op sy trapfiets agter Emma aan ry om met haar te praat? (1)

6.8 Die Karoolandskap word as verlate en selfs onvriendelik uitgebeeld.

6.8.1 Hoekom beskou Katrien die Karoo asof dit ’n vyand is? (1)

6.8.2 Sou jy sê dat die landskap se atmosfeer tydens die drama verander en selfs positief word? Motiveer. (1)

6.9 Dink jy dis reg dat Hendrik vir Emma aan Nollie probeer afsmeer? Motiveer. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

112. ŉ Paar bakkies kom na die stasie toe aangery en kom hou op die perron stil waar daar reeds ŉ paar manne buitekant hulle voertuie staan. Hulle staan en rook terwyl hulle die wêreld om hulle bekyk. Almal het gewere by hulle. Party het nog hulle kerkklere aan. Die voertuie hou met groot bravade stil: stofwolke, remme, klappende deure. Maar niemand praat nie.
Dan sien hulle Hendrik aangestap kom. Katrien bly staan op die agterwerf.
Aan Hendrik se stap sien ŉ mens hy is die duiwel in.
Hulle wag vir hom.

HENDRIK: (*op ŉ afstand*): Ja? (*Hy kom nader gestap.*) Kan ek iets vir julle doen? (*Hulle staan hom net en bekyk terwyl hy aankom. Ons herken Jan Mol, Sakkie du Toit en ouderling Bothma. Altesaam omtrent tien man.*) Ja, Jan Mol. Ek vrá. (*Hendrik kom staan naby hulle. Die manne begin nader staan na Jan toe wat sy geweer oor sy skouer sit en sy stompie doodtrap.*) Wie gee julle die reg om op my eiendom te kom foeter met so ŉ spul gewere?
JAN MOL: Jou eiendom?
HENDRIK: Dis spoorweggrond hierdie.
JAN MOL: Waar's daardie Beëlsebub?
HENDRIK: Wat se wat?
JAN MOL: Moenie vir jou dom hou nie, McDonald. Daardie rooineus.

Hendrik staar hom net onbegrypend aan.

6.10 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die KORREKTE VOLGORDE neer:

- Die sirkustrein daag by die spoorweghalte op.
- Die McDonalds word met tamaties gegooi.
- Willem sit op die windpomp se platform en speel konsertina.
- Willem bevriend vir Manuel. (4)

6.11 JAN MOL: " Waar's daardie Beëlsebub? " (Reël 19)

6.11.1 Na wie verwys Jan Mol met hierdie woorde? (1)

6.11.2 Watter ander TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE gebruik Jan Mol om hierdie persoon te beskryf? (1)

6.11.3 Wat het Jan Mol-hulle aan hierdie persoon gedoen? (1)

6.11.4 Hoe voel jy oor Jan Mol-hulle se optrede? (1)

6.12 "Party het nog hul kerkklere aan." (Reël 4)

Verduidelik die ironie in die bogenoemde sin. (1)

Kopiereg voorbehou 

6.13 Hoe het dorpenaars soos Jan Mol die kerk ŉ slegte naam as gevolg van hul aksies gegee? Noem TWEE feite. (2)

6.14 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.14) neer.

Met die woorde "Moenie vir jou dom hou nie, McDonald." (Reël 21), bedoel Jan Mol dat Hendrik ...

A anders as die ander mense is.
B nie slim is nie.
C eintlik weet van wie Jan Mol praat.
D ŉ oningeligte mens is. (1)

6.15 Dink jy dat Jan Mol skuldig voel oor die skietery? Motiveer. (1)

6.16 Kies die korrekte antwoord uit diè tussen hakies.

6.16.1 Die koms van Manuel het ŉ positiewe verandering in die McDonald huishouding gebring. Hulle kon beter (argumenteer/kommunikeer) met mekaar. (1)

6.16.2 Noem EEN belangrike verandering wat die koms van Manuel in Willem se lewe gebring het. (1)

6.17 Na die geskietery, het Hendrik meer medemenslikheid getoon. Motiveer waarom jy met die stelling saamstem. Gee EEN rede. (1)

6.18 Wat kan jy, as ŉ jongmens, uit Paljas die drama leer? (1)
**[35]**

## VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

FIELA *(op band):* Februarie. Maart. April. Voorwinter. Dit is of die klip wat Februarie in my gaan lê het, ligter geword het. Ek het nie meer iedere oggend wakker geword nie en gedink: Vandag is die dag wanneer hulle gaan terugkom.

SELLING: Hulle sal nie meer kom nie, Fiela. Nie nou meer nie.

***

BENJAMIN *(skreeu van agter en kom ingehardloop)*: Ma! Ma! Ma! Ma!

FIELA: Wat is dit?

BENJAMIN: Die wyfie, Ma. Sy dans!

FIELA: Die wyfie dans?

BENJAMIN: Ja, Ma.

FIELA: Selling, die wyfie dans! Dawid, Tollie! Kittie, Emma, die wyfie dans!

*Almal lag en praat deurmekaar terwyl die ligte uitdoof en musiek inkom. Toneel in Bos. In die huis.* BARTA *op verhoog saam met* WILLEM. Elias *kom by die deur in.*

BARTA(skrik): Elias, kyk hoe lyk jy! Het die grootvoete jou gejaag?

ELIAS: Jy vra nog? Hulle het my op ’n haar na fyn getrap gehad. *(Verbitterd*) Maar ek sal hulle kry, sê ek julle. Elias van Rooyen sal hulle kry! (*Op band*) Ek het hulle dae lank ingewag. Het die boom so gekap dat as hulle daarteen aandruk, dan val hulle by die afgrond af en dan het ek daardie dik, geelwit tande. Drie mooies het aangestap gekom, maar iets het hulle gekeer. Die volgende dag loop ek in hulle vas en met godsgenade het ek weggekom.

WILLEM: Moes Pa neergooi?

ELIAS: Die laaste ding.

7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1–7.1.4) neer.

Vandat die twee (7.1.1) ... by Fiela-hulle se plaas opgedaag het, was sy (7.1.2) ... omdat sy nie wou hê hulle moes (7.1.3) ... van haar af wegneem nie. Volgens die wet, kon kleurlinge en wit mense nie in een (7.1.4) ... woon nie. (4)

Kopiereg voorbehou

7.2 "Dit is of die klip wat Februarie in my gaan lê het, ligter geword het." (Reëls 1 en 2)

7.2.1 Kies die korrekte antwoord uit diè tussen hakies.
Die "klip" waarna Fiela verwys, het 'n (letterlike/figuurlike) betekenis. (1)

7.2.2 Verduidelik jou keuse op VRAAG 7.2.1. (1)

7.3 "Hulle sal nie meer kom nie, Fiela. Nie nou meer nie." (Reël 5).

Kies die KORREKTE antwoord uit diè tussen hakies.

Met hierdie woorde het Selling vir Fiela probeer (gerusstel/ontstel). (1)

7.4 Wat is die wyfie volstruis se naam? (1)

7.5 Waarom was almal bly dat die wyfie begin dans het? (1)

7.6 Wat wou Fiela met die geld maak wat die volstruisboerdery sou inbring? (1)

7.7 Benjamin noem vir Fiela "Ma!" (Reël 6)

7.7.1 Kies die korrekte antwoord uit diè tussen hakies.

Benjamin was Fiela se (optelkind/biologiese kind). (1)

7.7.2 Gee 'n verduideliking vir jou keuse op VRAAG 7.7.1. (1)

7.8 "Selling, die wyfie dans! Dawid, Tollie! Kittie, Emma, die wyfie dans!"
(Reëls 11–12)

7.8.1 Watter een van Fiela se kinders het later baat gevind uit Fiela se besluit om met die volstruise te begin boer? (1)

7.8.2 Dink jy dit is regverdig dat Kittie en Emma, as volwasse vroue, nie grootliks baat gevind het uit Fiela se besluit om met die volstruise te boer nie? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

7.9 Sê waarom jy dink die volgende stelling WAAR is. Noem EEN rede.

Tollie was onverantwoordelik en Fiela kon hom nie as 'n volwasse man vertrou nie. (1)

7.10 Dink jy dit is regverdig van Elias om die grootvoete te probeer vang vir hulle ivoor? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

7.11 Hoe het Elias, volgens die uittreksel, van Fiela en haar gesin verskil? Verwys na ALBEI in jou antwoord. (2)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

| | |
|---|---|
| KALIEL: | Jy sal nie verstaan nie, houtkapper. Jy weet van niks. |
| LUKAS: | Jy praat duister, Kaliel, maar miskien verstaan ek beter as wat jy dink. |
| | LUKAS *loop. Mis begin opkom oor see.* NINA *kom opgehardloop. Sy het 'n blou rok met blommetjies aan en 'n dik swart tjalie om haar skouers.* |
| NINA: | Lukas! Ek het jou gesoek! (*Gooi haar arms om hom.)* |
| LUKAS: | (*op band*) Haar lyf was teen myne en ek het myne voel antwoord gee. Was ek van my verstand af? (*Stoot haar weg. Sy vleg haar vingers deur syne. Hy praat gewoon.)* Waar die duiwel kom jy vandaan? |
| NINA: | Ek soek jou al dae lank. Ek het begin glo dat jy seker maar weg is... |
| LUKAS: | Die laaste wat ek van jou gehoor het, was by *miss* Weatherbury toe jy sommer net weer aangeloop het. Vir wat het jy dit gedoen? |
| | *** |
| LUKAS: | Waar in die Bos? |
| NINA | By die ou plek. (*Los sy hand en draai haar weg.)* Dis nie meer soos eers nie, Lukas. Die mondfluitjie is vals geroes, die bottels is vuil en van die torre ingeneem – ek het hulle toe maar begrawe. |
| | *** |
| NINA: | Jy beter bid dat Pa dit nie uitvind nie. |
| LUKAS: | Of hy uitvind of nie, ek gaan nie terug huis toe nie. Kom, ek sal saam met jou stap tot by *miss* Weatherbury se hek. |

7.12 "Jy sal nie verstaan nie, houtkapper. Jy weet van niks." (Reël 1)

Kies die KORREKTE antwoord uit diè tussen hakies.

Met hierdie woorde kan ons sien dat Kaliel (neersien op/opkyk na) die bosmense. (1)

7.13 Waarom was die mondfluitjie en die bottels vir Nina as kind belangrik? (1)

7.14 Skryf die volgende vier gebeure in die drama onder mekaar in die KORREKTE VOLGORDE neer.

- Lukas keer terug bos toe om Barta te konfronteer.
- Lukas gaan Knysna toe om vir Nina te soek.
- Lukas gaan Knysna toe om vir Nina oor sy besluit te vertel.
- Lukas gaan Langekloof toe na die nuus van Dawid se dood. (4)

7.15 "*Mis* begin opkom oor die see". (Reël 4)

Waarvan is die mis wat opkom oor die see simbolies? Verwys in jou antwoord na die gebeure in die uittreksel. (1)

7.16 "Of hy uitvind of nie, ek gaan nie terug huis toe nie." (Reël 23)

Noem TWEE redes waarom Lukas nie terug Knysnabos toe wou gaan nie. (2)

7.17 Fiela het vir Benjamin ŉ blou hemp ingepak.

7.17.1 By watter geleentheid het hy hierdie blou hemp gedra? (1)

7.17.2 Dink jy dat sy lewe na hierdie geleentheid positief of negatief geaffekteer was? Gee ŉ rede vir jou keuse. (1)

7.17.3 Barta kan maklik gemanupileer word.

Sê in jou eie woorde waarom hierdie stelling WAAR is deur te verduidelik wat in die hof plaasgevind het. (1)

7.18 Kies die karakter in KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.18.1 tot 7.18.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.18.1 | Lukas het Nina by hierdie persoon se huis in Knysna gekry. | A | Barta |
| 7.18.2 | Hierdie persoon het vir Lukas blyplek gegee toe hy besluit om by die Knysna-see te werk. | B | Selling |
| 7.18.3 | Lukas het vir hierdie persoon ŉ vis gegee. | C | Kaliel |
| 7.18.4 | Hierdie persoon was saggeaard teenoor Benjamin. | D | Fiela |
| | | E | Miss Weatherbury |

(4 x 1) (4)

7.19 Lukas het gevoelens teenoor Nina ontwikkel. (Reël 8 en 9)
Dink jy dat dit aanvaarbaar is? Ja of Nee. Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

8.1 **"TWO-STEP IN DIE MOEDERSTAD" – Miloné du Toit**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

Sy staan lank en kyk na die kosbare kloskant wat op die antieke skeepskis uitgestal is. Die dag wil nie vaart of vreugde kry nie. Wanneer hy haar aan die elmboog vat om haar aandag te kry, kyk sy op en sien ŉ vrou met ŉ afgeremde gesig in die outydse spieël op die oorkantste muur. Die geblaaste glas vertrek die gesig. En die mistroostige oë. Die hangkieste. Die hangskouers. Sy skrik in die herkenning: Dit is ek daardie; ...

***

Agter in een van die vertrekke van die antiekwinkel staan inderdaad ŉ Vlaamse buffet amper net soos die een in hulle eetkamer.

***

By die musiekhandelaar staan sy eenkant en kyk hoe hy sy spesiale kitaarsnare uitsoek. Dit moet die Konzertsaiten uit Oostenryk wees. Verlede jaar nog was hierdie inkoop so feestelik; toe hulle die winkel uitstap met spesiale snare wat hulle nêrens in die Noorde kry nie, ....

***

Buite is dit grys en bewolk. ŉ Misreëntjie het begin neerstuif. Uit gewoonte maak sy seker dat die waardevolle boeke nie nat word nie. Hulle reik na mekaar se hande, eensgesind in die groot verdriet.

***

Die bottel gaan van hand na hand na mond.
"Lyk vir my *damn sad*, die twie," lispel hy sonder tande. Sy sluk eers. "Ja, in dan nog so *grand-like,* met daai twie reëndjassies. In daai smart handsak van haar. Wat vriet hulle, *scheme* jy?"

8.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die kortverhaal** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (8.1.1 (a) tot 8.1.1 (d)) neer.

Die ryk paartjie besoek ou, (a) ... plekke in (b) ... waar hulle voorheen (c) ... ervaar het tydens hulle inkopiedae in die vakansietye. Die vrou se gesig en oë wat in die spieël gesien kan word, sê vir die leser dat sy deur ŉ (d)...tyd gaan. (4)

8.1.2 Noem TWEE maniere waarop die ryk paartjie die handelaar van die antiekwinkel in vroeëre jare kon oorreed om die prys van hulle buffet af te bring. (2)

8.1.3 Kies die KORREKTE antwoord uit diè tussen hakies.

Die prys van die buffet was daardie dag amper (twee keer/drie keer) soveel as die een wat in hulle eetkamer staan. (1)

8.1.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.4) neer.

Die ryk paartjie het die dag toe hulle hulle buffet wou koop mekaar se hande styf vasgedruk omdat ...

A hulle verlief was.
B hulle mekaar wou troos.
C hulle angstig en vreugdevol was.
D hulle van mekaar sou afskeid neem. (1)

8.1.5 Wat impliseer hierdie woorde in die onderstaande sin oor die ryk man se koopsmaak?

"Dit moet die Konzertsaiten uit Oostenryk wees." (Reël 10) (1)

8.1.6 (a) Wat is die ryk vrou se naam? (1)

(b) Waarom is dit funksioneel dat slegs haar naam in hierdie verhaal genoem word? (1)

8.1.7 Die inkopie van die kitaarsnare was die vorige jaar feestelik.

Sê waarom die stelling WAAR is. Verwys in jou antwoord na die gebeure nadat die paartjie die winkel verlaat het. Noem TWEE feite. (2)

8.1.8 Die paartjie was van die Noorde. Waar het hulle tydens hulle besoek aan die plek in die uittreksel gewoon? (1)

8.1.9 Dink jy die arm paartjie is goeie rolmodelle vir die ryk paartjie? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

8.1.10 Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende uitdrukking beteken: "eensgesind in die groot verdriet." (Reël 15) (1)

8.1.11 Wat, volgens die arm man, pla die ryk paartjie? (1)

**EN**

8.2 **"'n HULPELOSE SAMARITAAN" – T.T. Cloete**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

Onderweg kom hy op so 'n uitstappie af op 'n ouerige man wat van sy fiets geval het en langs die pad lê. Hy maak met sy arms smeekgebare. Hans hou stil en sien dat hy baie seergekry het. Hy het kwaai pyn en is koud. Dit is winter, een van daardie Hoëveldse dae waar dit die middag steeds genadeloos koud bly, onder die helder son, en die man is armoedig geklee.

***

Tog slaag Hans na groot moeite en inspanning daarin om die beseerde in te laai in die motor en die honde tegelyk weg te hou.
"En wat van my fiets? Hy kan nie hier langs die pad bly lê nie, die mense gaan hom steel."
"Ag, ja, die fiets moet ook in." Die een moeite en verpligting bring die ander vanself mee.

***

"Ek kan jou regtig nie verder help nie – bowendien was die ou ongelukkie dalk ook jou eie skuld, of gedeeltelik jou eie skuld. Maar ek het vir jou gedoen wat ek kan. Jy kan nou op jou eie bene staan – en met jou eie bene verder ry op jou fiets. My honde, my honde ..." Hy gryp na sy kop.
Hy wil na sy honde soek, maar hy weet nie mooi hoe en waar nie.

***

Toe hy kom op die plek waar hy vroeër die man met die fiets opgetel het, kry hy 'n onbedwingbare behoefte om langs die pad te gaan lê, soos iemand wat deur 'n motor omgery is. Hy lê daar en maak of hy krul van die pyn. Hy voel tegelyk aandoenlik en gek, 'n Charlie Chaplin.

8.2.1 Waarom was dit vir Hans voordelig om Vrydae op 'n uitstappie te gaan. (1)

8.2.2 Lees reëls 1-5.

Kies die KORREKTE antwoord uit diè tussen hakies.

Die eerste vyf reëls in die uittreksel vorm deel van die (konflik/motoriese moment) van die verhaal. (1)

8.2.3 (a) Wat noem ons so 'n ongeluk waarin die fietsryer beseer en genadeloos agter gelaat is? (1)

(b) Waarom kan ons die bestuurder se gedrag teenoor die fietsryer met die "koue" weer van die Hoëveld vergelyk?

Verwys in jou antwoord na die bestuurder wat by die ongeluk betrokke was. (1)

8.2.4 Sê in jou eie woorde hoe die fietsryer in hierdie verhaal gestereotipeer word. (1)

8.2.5 (a) Plaas jouself in Hans se skoene.

Het hy op daardie oomblik die regte besluit geneem deur sy honde agter te laat om die beseerde man hospitaal toe te neem.
Ja of Nee. Motiveer jou antwoord. (1)

(b) "Die een moeite en verpligting bring die ander vanself mee." (Reël 10 tot 11)

Watter "moeite" sou Hans later as gevolg van sy honde ervaar?
Noem TWEE dinge. (2)

8.2.6 (a) Watter stylfiguur kom in die onderstaande sin voor.

"My honde, my honde ..." (Reël 15.) (1)

(b) Waarom is dié stylfiguur in hierdie reël effektief? (1)

8.2.7 Kies die beeldspraak of stylfiguur in KOLOM B wat by die sinne in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (8.2.7 (a)–8.2.7 (d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) "Ek het my maar net getroos met die bottel, meneer." | A Kontras |
| (b) ʼn Hulpelose samaritaan. | B Eufemisme |
| (c) "kry hy ʼn onbedwingbare behoefte om langs die pad te gaan lê soos iemand wat deur ʼn motor omgery is." (Reëls 17-19) | C Metafoor |
| (d) "ʼn Charlie Chaplin." (Reël 20) | D Herhaling |
| | E Vergelyking |

(4 x 1) (4)

8.2.8 Skryf die volgende gebeure onder mekaar neer in die KORREKTE VOLGORDE soos wat dit in die kortverhaal gebeur:

- Hans besef dat jy betaal vir iets wat jy nie wil hê nie, en jy betaal te veel.
- Hans plaas ʼn berig in die koerant en bied ʼn beloning aan vir die terugbesorg van sy honde.
- Hans verlaat die dorp om na ʼn hospitaal toe te gaan.
- Hans moet besluit of hy mensliewend gaan wees of nie. (4)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 **"KRISIS" – Elizabeth Eybers**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Krisis – Elizabeth Eybers**

Dis hier wat ons twee skei – jy, Hart, en ek,
albei tot afskeid so onvoorbereid.
Die weg was lieflik waarlangs jy gelei't
maar dis verby, al staar jy terug. Nou strek
die pad langs klowe, afgrond en moeras.
Voortvarend en 'n lafaard soos altyd
en nooit in staat tot enige besluit
en siek daarby, is jy nou net 'n las.

Jy was die gas en gasheer by die fees,
die seremoniemeester en die nar:
jou dwase raad kan net die Hoof verwar
waar elke tree die laaste tree mag wees.
Kyk, dit word laat, die kermis is verby,
kan jy dit nie begryp? Hier moet ons skei.

[*Uit: Versamelde gedigte. Human& Rousseau en Tafelberg, 1980*]

9.1.1 Wie is die spreker in die gedig? (1)

9.1.2 (a) Noem TWEE beledigings, uit strofe 1, wat volgens die spreker, die hart se karaktertrekke beskryf. (2)

(b) Stem jy saam dat die hart 'n las kan wees? Motiveer. (1)

9.1.3 Kies die korrekte antwoord uit diè tussen hakies.

(a) Die spreker (twyfel / is oortuig dat) die hart en hoof moet skei. (1)

(b) Dink jy dat die spreker sal deurgaan met hierdie skeiding? Motiveer (1)

9.1.4 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woorde oor die gedig se versvorm en strofebou in te vul.

Hierdie gedig word 'n (a) ... sonnet genoem. Dit bestaan uit 'n (b) ...,
(8 reëls) en 'n (c) .... (6 reëls). Die gedig het ook 'n (d) ... rymskema. (4)

9.1.5 Lees Reël 1.

(a) Wat is die funksie van die aandagstreep? (1)

(b) Watter emosie word deur die woord "skei" uitgebeeld? (1)

9.1.6 Lees Reël 1.

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) en die vraagnommer (9.1.6) neer.

Die spreker gebruik personifikasie om te beklemtoon hoe die mens se hart soos 'n ...

A lafaard word.
B seremoniemeester word.
C gasheer word.
D persoon word. (1)

9.1.7 Kies die begrip in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–D) langs die vraagnommers (9.1.7(a)–9.1.7(c)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) "Dis hier wat ons twee skei – jy, Hart, en ek, "(Reël 1) " | A Elisie |
| (b) "alb<u>ei</u> tot afsk<u>ei</u>d so onvoorber<u>ei</u>d" (Reël 2) | B Teenstelling |
| (c) "Jy was die gas en gasheer by die fees," (Reël 9) | C Personifikasie |
| | D Assonansie |

(3 x 1) (3)

9.1.8 Wat, sou jy sê, is die boodskap van hierdie gedig? (1)

9.1.9 Nadat jy die gedig gelees het, sal jy ooit weer na jou hart luister? Motiveer. (1)

**EN**

9.2 **"WETENSKAPMANNETJIES" – Antjie Krog**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**WETENSKAPMANNETJIES – Antjie Krog**

Julle sit onder swart teleskope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Pateties bepaal julle dan die ligjare
en vertel dat die son as't ware
inkrimp en eendag gaan verdwyn.

Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp
teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug gloei
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.

daarom, liewe menere, teken ek klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%
want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
ek kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logaritme van my hartseer
want syfers bring eensaamheid
wat geen mens kan keer.

[Uit: *Dogter van Jefta.* Human & Rousseau, *1970*]

9.2.1 Hierdie gedig se titel is "Wetenskapmannetjies".

Skryf TWEE tipe mense neer na wie hierdie titel kan verwys. (2)

9.2.2 Watter woorde is in direkte kontras met mekaar in strofe 1 en 2? (1)

9.2.3 In watter ruimte bevind die spreker haarself? (1)

9.2.4 (a) Dui die alliterasie in strofe 1 aan. (1)

(b) Verduidelik die funksie van die alliterasie in strofe 1. (1)

9.2.5 Wat maak die wetenskapmannetjies so pateties? (1)

9.2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.2.6) neer.
Die stemtoon van die spreker teenoor die wetenskaplikes is ...

A opgewek.
B somber.
C sarkasties.
D disrespekvol. (1)

Kopiereg voorbehou 

9.2.7 Dink jy dat die spreker goed met Wetenskap is? Ja of Nee. Motiveer jou antwoord. (1)

9.2.8 Lees strofe 2.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die spreker gebruik die beeld van ŉ (brand/vuurwerkvertoning) om die sonsondergang te beskryf. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.2.8 (a) deur TWEE woorde uit strofe 2 aan te haal. (2)

9.2.9 Lees strofe 3.

Die belangrikheid van die dinge wat ŉ mens se geluk vermeerder word hier beklemtoon.

(a) Noem EEN sintuig wat die spreker gebruik om die natuur mee waar te neem. (1)

(b) Dink jy die spreker maak goed gebruik van hierdie sintuig in strofe 3? Ja of Nee. Motiveer jou antwoord. (1)

9.2.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) en die vraagnommer (9.2.10) neer.

Die funksie van die enjambement in reël 15 tot 17 is om ...

A die woorde te beklemtoon.
B een gedagte te vorm.
C die inhoud uit te hef.
D die spreker se gedagtes te laat uitstaan. (1)

9.2.11 Kan jy enigsins met die spreker van hierdie gedig identifiseer? Motiveer. (1)

9.2.12 Watter raad kan jy vir iemand gee om hulle Wetenskappunte te verbeter? (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 29 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. ʼn Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.

2. As ʼn kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ʼn streep word deur die tweede vraag getrek.

3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ʼn motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

5. Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 1 of nul punte omdat twee kante vir 1 punt gestel moet word.

6. Indien die kandidaat woorde uit ʼn **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Indien die kandidaat **krutaal** gebruik, word die **kruwoorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kruwoord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Waar EEN-WOORD antwoorde gevra word en die kandidaat ʼn volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

10. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

11. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

12. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

13. As ʼn spelfout die betekenis van ʼn antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: *KRINGE IN ’N BOS* – Dalene Matthee

1.1 1.1.1 biblioteek (1)

1.1.2 vuil/ongeletterd/dom/wild/onnosel/ “wild and dirty” (1)

1.1.3 skuur/houtskuur (1)

1.1.4 Kaapstad (1)

1.2 bevooroordeeld (1)

1.3 1.3.1
- Kate/Mister MacDonald se (oudste) dogter/Kate MacDonald/
- Saul se werkgewer/baas se dogter.
- Die houtkoper se dogter.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

1.3.2 Saul/Hy kon ...
- MacDonald/die skewe sirkel verstaan.
- hom op sosiale vlak beter uitdruk.
- by die ryk/Engelse/Engelse kultuur inpas.
- in die toekoms Engels gebruik.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

1.4 Hy trek geld van Saul af vir sy pa se skuld/sy pa se goodfor.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

1.5 1.5.1 “koppigheid”/ koppigheid
.
(*Met of sonder aanhalingstekens. Sleg EEN woord word as antwoord aanvaar. Die woord kan in ’n sin belig word.)* (1)

1.5.2
- Hy het geweier om na sy pa te luister.
- Hy het geweier om die kalander te kap.
- Hy het geweier om die minste te wees toe sy pa hom wegjaag.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde*) (2)

1.6 Dit beteken Saul/ hy ...
- moet onderdanig wees/ moet nederig wees/ kon nie teëpraat nie.
- kan nie koppig teenoor Mister MacDonald wees nie.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

1.7 MacDonald was 'n omgee-pa, want …
- hy wou net die beste vir sy dogter hê/haar beskerm.
- hy het haar Kaap toe gestuur (vir 'n goeie geleerdheid/na ŉ afrondingskool).
- hy het gedink dat Saul haar nie al die weelde kon bied nie.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*)

**OF**

MacDonald was nie ŉ omgee-pa nie, want …
- hy het nie sy dogter se hart verstaan nie.
- hy het haar probeer leer dat party mense beter as ander was.
- besigheid was vir hom belangriker as sy dogter se geluk.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

1.8 1.8.1
- Saul het besef hulle is besig om die bosdiere/olifante uit te wis/uit te roei.
- Saul het gesien hulle skiet ook olifante.
- Saul het gesien hulle het olifantvleis gehad/geëet.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

1.8.2 Hy moes een van sy osse verkoop (om vir die boete te betaal.) (1)

1.8.3 Hulle het as houtkappers min geld verdien omdat die houtkopers/dorpsmense …
- hulle ingedoen het.
- bedrieg het.
- min betaal het vir hulle hout.
- derdeklashout pryse betaal het vir eersteklashout.
- meer betaal het vir olifanttande.
- met goodfor betaal het.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

1.9 B/ verraai (1)

1.10 Hulle wou die boslewe/bosdiere beskerm teen uitwissing. (1)

1.11 Arend (1)

1.12
- Suiker
- Meel
- Doodskiste
- Koffie
- Twak
- Kos

(*Enige TWEE van bogenoemde*) (2)

1.13 B / Saul se keuse om homself van MacDonald te bevry. (1)

1.14 Hy was besig om kwaad/ontsteld/ontstoke te word.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

1.15 ’n gouddelwer/goudsoeker/prospekteerder (1)

1.16 Ja. Saul het die bos goed geken.

**OF**

Nee. Saul het later leer goud uitspoel/delf en kon so uit die kloue van MacDonald kom/’n ryk man word.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

1.17 Patterson het Saul die pan belowe as hy hom veilig uit die bos kon kry. (1)

1.18
- Dit het sy vryheid van armoede simboliseer.
- Hy kon daardeur ryk raak.
- Hy kon sy gesin geldelik help/ondersteun.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

1.19 1.19.1 E/Joram (1)

1.19.2 D/Jozef (1)

1.19.3 A/Kate (1)

1.19.4 C/MacDonald (1)

1.20
- Saul het MacDonald se diens verlaat om te gaan goud delf.
- Saul weier om mister Barkley se stampmeul te neem om goud uit die bos te haal.
- Saul het na Knysna toe teruggekeer om sy meubelmakery te gaan begin.
- Saul oorreed Jozef om sy hout aan hom te verkoop in ruil vir geld. (4)

**[35]**

## VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

2.1 2.1.1 verbeelding (1)

2.1.2 opstelle (1)

2.1.3 voorkoms/puisies/haar vel/tande/borste (1)

2.1.4 ware/realistiese (1)

2.2 Ja.
- Sy aanvaar Hanna en haar gesin net soos hulle is.
- Sy het goed ingepas by Hanna en haar gesin.
- Haar pa kon later vir Margot/Mana en die baba van die berg af vlieg.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*)

**OF**

Nee.
- Sy het net oë vir Yann gehad.
- Sy het vir Hanna ’n bietjie afgeskeep.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.3 **Mana** ...
- het met ’n homoseksueel ’n baba gehad/getrou.
- het ’n proefbuisbaba gehad.
- is ongetroud met twee kinders.
- trou ’n geskeide man met twee kinders.

**Gavin** ...
- is gay.
- dra maskara.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde*)
(*1 feit moet na Mana verwys en 1 feit moet na Gavin verwys*) (2)

2.4 ’n suster gekry het. (1)

2.5 ’n Wittebrood is slegs vir twee mense/ getroude paartjie en nie ’n hele gesin nie.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*)
*(Moet albei kante vir EEN punt noem)* (1)

2.6
- Sy was na haar eerste huwelik te naar.
- Sy kon nie op ’n wittebrood met proefbuispa gaan nie. (2)

2.7 Botterberg (1)

2.8 Beyers se vriend het die huis aan die berg vir die wittebrood aangebied, heeltemal verniet/gratis.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.9 2.9.1 Die gesin(ne) moes mekaar beter leer ken/tyd saam spandeer/ hul eerste gesinsvakansie.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.9.2 Ja.
- Hanna het baie nuwe dinge/kwaliteite oor haar gesin ontdek.
- Hanna het geleer om haarself en haar gesin te aanvaar nes hulle is.
- Sy het besluit dat sy liewer 'n ware verhaal oor haarself wil skryf.
- Sy het nie meer 'n alter-ego nodig nie/Fabienne nodig nie.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.10 D / die kinders gekant was teen die vakansieplanne. (1)

2.11
- Sy dogtertjie word gebore.
- Hy en Mana se gesinne word een groot gesin.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.12 2.12.1 informele (1)

2.12.2
- Sy dra groen skoene.
- Sy dra pers heksehoede met hoë punte/hansworshoede.
- Sy dra nie nylonkouse en hoëhakskoene nie.
- Sy het geweier om ordentlik aan te trek.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.13 Mana wou kinders hê, maar nie 'n man nie.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.14
- Tibo se pa was 'n proefbuis.
- Hy sal nooit sy pa kan ontmoet/ leer ken nie.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.15 Hy was gay/ 'n moffie/homoseksueel/dra maskara.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.16 2.16.1 Om die familie tevrede te hou/stel.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.16.2 Ja.
Sy was nie verlief op hom nie.
Hy was gay.
Dit was net 'n skynhuwelik.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*)

**OF**

Nee.
Hanna moes sonder 'n pa grootraak/opgroei.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.17 2.17.1 Kaapstad (1)

2.17.2
- ’n Bos pietersielie met ’n rooi strik vasgebind.
- ’n Groot aartappel.
- Hy het vir haar kruie/groente as geskenk gegee.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.17.3 Hy het met twee kitaarspelers onder Mana se venster gaan staan en vir haar ’n (verspotte outydse) liedjie gesing.
(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

2.18 2.18.1 C/Hierdie persoon is ’n televisie-aanbieder. (1)

2.18.2 A/Hierdie persoon is ’n skilder. (1)

2.18.3 D/Hierdie persoon is ’n skrywer. (1)

2.18.4 B/Hierdie persoon is ’n klereontwerper. (1)

2.19
- Hanna-hulle daag laatmiddag op in hulle kombi na ’n nagmerrierit.
- Sharon se pa se splinternuwe 4 X 4 dreun teen die bergrand op.
- Margot daag in haar wit Golf op toe dit hard begin reën.
- Gavin hamer teen die deur en kruip oor die drumpel hande-viervoet. (4)

**[35]**

## VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

3.1 3.1.1 Ousanna (1)

3.1.2 Billy (1)

3.1.3 skoolhoof/prinsipaal (1)

3.1.4 konsert/toneelstuk/vertoning (1)

3.2 skoolhoof (1)

3.3 Haar verlede/haar gesin/haar oorlede man en seun/haar vorige lewe/Ronnie en Vincent.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.4
- Jason (Mary se man) het vir Doreen ’n botteltjie parfuum vir haar verjaarsdag gegee.
- Mary sien hoe Jason vir Doreen gelukwens met ’n soen.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

3.5
- Doreen wens daar het iets tussen haar en Jason gebeur.
- Doreen sê die vernedering is so groot dat daar maar net sowel iets kon gebeur het.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.6 3.6.1 D/Sy soek ’n beter lewe vir haarself. (1)

3.6.2 E/Sy sê dat Ryna haar huis kan koop. (1)

3.6.3 A/Sy word ’n ware vriendin vir Ryna. (1)

3.6.4 C/Sy het selfmoord gepleeg nadat haar man haar verneuk het. (1)

3.7 C / sy vrou het gesien hoe hy haar op haar verjaarsdag soen. (1)

3.8
- Mary het gedreig om vir Doreen by die skoolraad aan te kla van wangedrag.
- Al die onderwysers skinder.
- Reggie wil haar nie glo nie/Dit veroorsaak moeilikheid in hul huwelik.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.9
- Haar man/Vincent (het finansiële moeilikheid gehad) het die huis aan die brand gesteek.
- Hy het hul seun, Ronnie, en toe homself geskiet.
- Hy is verantwoordelik vir albei se dood.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

3.10 Haar naam/ Sy verander van Camilla Calvin na Ryna van Rensburg.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.11
- ’n Brand ontstaan in Ryna se huis. (1)
- Ronnie is oorlede. (1)
- Jacob ontmoet vir prof. Van Keulen. (1)
- Jacob word skuldig bevind aan strafbare manslag. (1)

3.12 Ja.
- Elsabet het heel duidelik met ongelukkigheid en depressie gesukkel.
- As sy geweet het van haar biologiese baba se dood, sou sy heel moontlik in ’n selfs dieper depressie geval het.
- Kinnie se baba het moontlik ook ’n ma/versorger benodig.

*(Enige EEN of soortgelyk)*

**OF**

Nee.
- Dit is verkeerd om die waarheid van iemand te weerhou.
- Dit is verkeerd om leuens te vertel.
- Dit is verkeerd om kinders om te ruil.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.13
- Iemand wat alleen kan wees.
- Iemand wat baie na aan die natuur is.
- Iemand wat met min tevrede is.
- Iemand wat ’n geheim kan hou.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

3.14
- Jacob het in ’n oomblik van selfverdediging vir Skalla doodgesteek.
- Jacob moet eersdaags in die hof verskyn.
- Die regter bevind Jacob skuldig aan strafbare manslag.
- Jacob is ’n vonnis opgelê van 7 jaar gevangenisstraf.
- Ryna en Janka sal vir Jacob moet wag om vrygelaat te word.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.15 D/aan te voel wanneer iemand in gevaar is of wanneer iemand gaan swaarkry. (1)

3.16 Elsabet ...

- bly soekend na ʼn beter lewe vir haarself.
- is bereid om Meeuland, Jacob en Janka agtertelaat sodat sy in Fred se arms geluk kan vind.
- se huwelik met Fred werk ook nie uit nie en sy is steeds ongelukkig.
- het as gevolg van haar gebroke huwelik met Fred ʼn alkoholis geword.
- soek haar eie geluk ten koste van die kleine Janka.
- besef veels te laat dat Jacob eintlik baie goed vir haar was.
- probeer om terug te gaan Meeuland toe, maar sy verdrink in die storm op see.
- word net verder tot drank gedryf deur Fred se buite-egtelike verhouding met Jackie Stevens.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

3.17 Ware identiteit (1)

3.18 Ja.

- Jannerik is baie vriendelik en hulpvaardig.
- Jannerik help vir Ryna om haar huisie op Meeuland reg te maak.
- Jannerik gee vir Ryna haar burgerbandradionaam, "Mamma Meeu".
- Jannerik help vir Ryna om die groenteplantjies en blom-steggies te plant.
- Jannerik plant ʼn wildevyboom saam met Ryna.
- Jannerik word soos ʼn wyse vaderfiguur wat Ryna se belange op die hart dra.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.19

- Jacob hunker na ʼn plek waar hy alleen kan wees en wegkom van alles wat hom seermaak.
- Meeuland is ʼn redding en ʼn toevlugsoord vir Jacob.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

3.20 Ja.

- Ryna het Jacob baie lief.
- Ryna en Jacob het besluit om hul liefde vir mekaar te voleindig en sy het ʼn aand saam met hom op Meeuland spandeer nadat sy die brief en musiekplaat van hom ontvang het.
- Ryna het saam met Jacob gebly tot die middel van die maand voordat hy in die hof moes verskyn.
- Ryna het intiem met Jacob verkeer voordat hy sy tronkstraf uitgedien het.
- Hulle deel vir Janka as skynouers.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

3.21

- Van die kursiefgedeeltes kom uit Ryna se persoonlike dagboekinskrywings.
- Dit gee die leser meer insig tot Ryna se gedagtes.
- Die vertelstyl van die dagboekinskrywings is verskillend van die res van die roman en dit maak die roman meer interessant vir die leser.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

**[35]**

## VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt*

4.1 4.1.1 woonstel (1)

4.1.2 Braam (1)

4.1.3 Pretoria (1)

4.1.4 Jakaranda (1)

4.2
- Dit is ironies, want Christien sê dat sy sleg voel, maar sy doen niks daaromtrent nie.
- Dit is ironies, want as ’n volwassene en ouer behoort Christien die broodwinner te wees, maar Lien koop die kruideniersware.
- Dit is ironies omdat haar ma drank/wyn koop in plaas van kruideniersware.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.3 ’n Glas wyn. (1)

4.4 C/verantwoordelik (1)

4.5 koffiewinkel (1)

4.6
- Christien kook nie aandete nie/sy brand die aandete.
- Christien drink te veel wyn/raak gereeld besope.
- Christien eet amper nooit nie.
- Christien koop nie gereeld kruideniersware nie.
- Christien maak nie die soom van Braam se skoolbroek reg nie.
- Christien reël nie vir Braam se hare om gesny te word nie.
- Christien tree nie verantwoordelik op teenoor haar werk nie.
- Christien kry gereeld ’n “runny tummy” en bly uit die werk uit.
- Christien koop nie genoeg kos nie.
- Christien koop gereeld wyn.
- Christien steel wyn by Pick n Pay.
- Christien daag dronk by Lien se skool op.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

4.7 Lien is baie vies/kwaad/gefrustreerd/geïrriteerd met haar ma en sy moet haarself keer voordat sy iets in ’n oomblik van woede sê.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

4.8
- Christien antwoord nie vir Lien nie.
- Christien reageer nie.
- Christien ignoreer Lien se vraag.
- Christien drink net meer wyn in plaas daarvan om Lien te antwoord.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

4.9 Nee.
- ŉ Kind behoort nog ŉ kind te kan wees sonder volwasse verantwoordelikhede.
- ŉ Matriekkind moet net op hul matriekjaar kan fokus.
- Dit is die ouer se plig en verantwoordelikheid om die broodwinner te wees.
- Die ouer moet finansieel vir die gesin kan sorg.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.10.1 D/Donovan (1)

4.10.2 A/Lien (1)

4.10.3 E/Wouter (1)

4.10.4 B/Braam (1)

4.11
- Lien gaan na ŉ oudisie vir die skool se toneelstuk. (1)
- Miemie nooi vir Lien om haar 18de verjaarsdag by die Wimpy te vier. (1)
- Lien vra Hein om ŉ karretjie vir Tibbey te ontwerp. (1)
- ŉ Rukwind waai die pruik van Lien se kop af en Gerhard herken haar. (1)

4.12 4.12.1 Onder die akasiaboom naby hul bedelstaanplek. (Of soortgelyk) (1)

4.12.2 haar matriekjaar voltooi. (1)

4.12.3 Sy moet haar matrieksertifikaat kry as sy matriek wil slaag en oorsee wil gaan/verder studeer. (1)

4.13 B / wyn by Pick n Pay gesteel het. (1)

4.14
- Sy is kwaad omdat Lien nie meer saam met hulle bedel nie.
- Sy is vies omdat sy moeite gedoen het om Johnny van Lien se hoek af te hou.
- Sy voel seergemaak omdat Lien nie vir hulle kom sê het dat sy nie meer gaan bedel nie.
- Sy het aan Lien geheg geraak.
- Sy mis vir Lien.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

4.15
- **Dirkie** het vir Lien gehelp om die verskillende hospitale te bel / het Lien hospitaal toe gevat om vir Tibbey te besoek.
- **Hein** het die karretjie ontwerp en gemaak / het Tibbey se kamer aangepas en ingerig sodat hy maklik kon beweeg en by alles uitkom/ het Lien hospitaal toe gevat om vir Tibbey te gaan haal.

*(Enige TWEE of soortgelyk) ( 1 feit vir Dirkie en 1 feit vir Hein)* (2)

4.16.1
- Lien moes kos koop.
- Die yskas en spens was dikwels leeg.
- Die aandete was óf gebrand óf nie gekook nie.
- Lien moes aandete maak.
- Lien moes haar broer se skoolbroek regmaak.
- Lien moes daarna sien dat haar broer ’n haarsny kry.
- Lien moes die skottelgoed was/kombuis skoonmaak.
- Lien moes na beide haar broer en ma omsien.
- Lien se ma was óf dronk óf vas aan die slaap.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.16.2
- Sy is onselfsugtig en gee om vir haar gesin.
- Sy is ’n verantwoordelike mens wat oorneem wanneer haar ma platval en haar pa afwesig (in die tronk is)
- Sy stel ander voor haarself./ Sy is besorg oor ander.
- ’n Mens moet soms verantwoordelik optree en volwasse wees.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

4.17
- Lien het baie skool gemis sodat sy kon bedel/ Lien was gereeld afwesig (om te bedel).
- Lien het amper nooit haar huiswerk gedoen nie.
- Lien het nie probeer om die werk op te vang wat sy gemis het nie.
- Lien se skoolwerk en huiswerk was agterstallig.
- Lien se akademie het laaste gekom en die bedelary het eerste gekom.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

*4.18*
- Wouter het op dieselfde dag as Lien by Hoërskool Jakaranda begin .
- Hulle was albei die nuwe leerders by die nuwe skool.
- Albei hul pa’s het nie meer saam met hulle gebly nie.
- Albei kom uit gebroke gesinne.
- Wouter was ’n baie goeie vriend en vertroueling vir haar.
- Albei se ma’s is kwaad vir hul pa’s.
- Wouter is die enigste mens by die skool wat weet dat haar pa in die tronk is.
- Wouter loop saam met Lien skool toe in die oggende.
- Wouter dra Lien se belange op die hart.
- Wouter vra vir Lien om saam met hom na die matriekafskeid toe te gaan.
- Wouter luister na haar/ Wouter maak haar lag/ Wouter gee haar raad.
- Wouter moedig haar aan om by die skool aktiwiteite betrokke te raak.
- Wouter bestuur haar ma se motor huis toe, nadat haar ma dronk by die skool opdaag.
- Hy veroordeel haar nie oor haar huislike omstandighede nie.
- Sy sien hom as haar “brother in arms.”

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

4.19 hulle albei te besoek (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

5.1 5.1.1 Herschel/ die Xhosa-land/Ciskei (1)

5.1.2 (ou) Klip (1)

5.1.3 Lambertsbaai (1)

5.1.4 Boilermaker/ketelmaker (1)

5.2 Liefde/deernis/besorgdheid
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.3 Na die Ciskei/ Na die Transkei/na die tuislande/Kaapstad/Kaapse vlakte/ Nyanga/Gugulethu/Elsiesrivier.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.4 5.4.1 Ieeglê (1)

5.4.2
- Hulle doen niks nie/is niksnutte /niksdoeners.
- Dit impliseer hulle het geen waarde nie.
- Hulle doen geen werk nie/ doen nie arbeid nie.
- Is nie deel van die ekonomiese groei van die land nie.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

5.4.3
- Die familie-eenheid was verbreek/families/ gesinne het verbrokkel.
- Poppie en Stone/ egpare was forseer om apart te woon.
- Poppie/ vroue/ ma's het gesukkel om die kinders stoksielalleen groot te maak.
- Die wet het werklose vroue en kinders verplig om na die landelike gebiede/ tuislande te trek.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

5.5 Sy moes die skool verlaat om agter Bhuti Mbatane en Ma Lena se kinders te kyk/ te versorg/op te pas.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.6 5.6.1 Munisipaliteite is veronderstel om mense te help met behuising en nie hulle huise af te brand nie.
(*Enige EEN of soortgelyk*) (*Albei kante moet genoem word vir EEN punt)* (1)

5.6.2 Die polisie (1)

5.7 Paswet (1)

5.8 Die kinders het die huise afgebrand om die regering te dwing om na hulle te luister.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.9 vir Stone kon kook en sy klere versien. (1)

5.10 Bangheid/vrees/moedeloosheid/angstigheid/ontevredenheid/opstandigheid/verset/kwaadheid.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.11 deeltydse (1)

5.12 Dit is om huise skoon te maak/klere te was en stryk. (1)

5.13 Sy het nie slaapplek gehad nie (omdat Mama Lena/Bhuti Mbatane se huis te klein was).
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.14 Elsiesrivier/ Elsies (1)

5.15 Stone het gedink dat die kontrakwerk by die "dairie" sy gesin se lewe sou verbeter, maar dit het (indirek) sy dood veroorsaak/ maagsweer veroorsaak.
*(Enige soortgelyke antwoord) (Moet albei kante noem vir EEN punt)* (1)

5.16 Ja.
- As daar geen beskikbare werk is nie en my gesin ly honger.
- As daar geen ander uitweg is om na my gesin om te sien nie.

*(Enige EEN of soortgelyk)*

**OF**

Nee.
- Ek kan nie my lewe aan gevaar blootstel nie.
- Dit is beter om te sukkel as om my gesondheid te benadeel.
- Ek sal ander werk soek totdat ek dit kry.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.17 Stone kon (R40) vir die meisie (wat Bonsile verwagtend gemaak het) se familie as skadegeld/ damagegeld betaal.
*(Enige soortgelyke antwoord)* (1)

5.18 Bekommernis/ angstigheid/ bangheid/vrees.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

5.19 5.19.1 B/Die persoon het by Union College studeer. (1)

5.19.2 C/Hierdie persoon wou nie sonder werk sit nie. (1)

5.19.3 D/Hierdie persoon was bekommerd oor waar hulle 'n huis sou kry. (1)

5.19.4 A/Hierdie persoon wou nie van die kindjie se graf geskei wees nie. (1)

5.20
- Poppie se ouma Hannie sterf as gevolg van ouderdom en siekte.
- Poppie se kind sterf as gevolg van kinkhoes.
- Poppie se man, Stone, sterf as gevolg van 'n maagkwaal.
- Poppie se kleinkind sterf as gevolg van 'n klipgooi. (4)

5.21
- Ten spyte van haar probleme (met haar pasboek) het sy alles probeer om haar kinders te versorg/ om 'n werk te kry.
- Sy het nooit opgegee ten spyte daarvan dat haar man gesterf het nie.
- Sy het steeds in God geglo ten spyte van haar swaarkry.

*(Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

**[35]**

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

6.1 6.1.1 trou (1)

6.1.2 probleme (1)

6.1.3 aandag/flankeerdery/geselskap (1)

6.1.4 Hendrik (1)

6.2
- Spoel haar hande af/was haar hande.
- Vee haar knieë skoon met 'n vadoek.
- Haal haar voorskoot af.
- Vee haar hare reg./Haar hare regmaak/Maak haar hare netjies.

(*Enige DRIE of soortgelyk)* (3)

6.3 Hendrik staan op die stasieperron en kyk hoe Frans wegry./Hy sien Frans se bakkie by die huis.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

6.4 veld (1)

6.5 6.5.1 E/ "Lyk my dis 'n kwaal van die McDonalds ... om hulle bekke te hou." (1)

6.5.2 A/ "Sy moet haar gehollery begin afleer." (1)

6.5.3 C/ "Ek is op pad dorp toe, as jy iets nodig het." (1)

6.5.4 B/ "Oom probeer heeltyd om my aan haar te verkoop. Oom moenie, Oom." (1)

6.6 D / plate op die grammofoon (1)

6.7
- Nollie het Emma met sy fiets raakgery en Emma struikel en val.
- Sy het haar voet geswik en begin huil./ Sy loop mank.

(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

Kopiereg voorbehou 

6.8 6.8.1
- Katrien is baie gefrustreerd en dit voel vir haar asof sy gevange gehou word.
- Sy voel eensaam.
- Sy wil nie daar bly of wees nie.
- Sy voel asof daar nie groei is vir hulle nie/haar man nie.
- Hendrik skeep haar af, want hy is altyd besig met sy stukkende kar.
- Die afgesonderheid affekteer die kinders./Willem praat nie en Emma wil nie in verhoudings wees nie.

(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

6.8.2 Ja.
- Met die koms van Manuel, die nar, word die Karoolandskap speels en positief.
- Die Karoo word amper soos 'n speelpark wat Willem en Manuel saam ontdek.
- Die Karoo word romanties wanneer Nollie en Emma se liefdesverhouding begin ontwikkel.
- Die landskap verander in 'n gesellige plek wanneer die dorpsmense aan die einde met die McDonalds kom kuier.

(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

6.9 Nee.
- Emma is skaam.
- Emma is nog nie reg vir 'n romantiese verhouding nie.
- Deur Emma in Nollie se rigting te probeer druk, het dit eintlik die teenoorgestelde effek op haar.

(*Enige EEN of soortgelyk)*

**OF**

Ja.
- Hendrik wil hê dat Emma gelukkig moet wees en iemand vind om haar lewe mee te deel. Hendrik bedoel eintlik goed.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

6.10
- Die sirkustrein daag by die spoorweghalte op. (1)
- Willem bevriend vir Manuel. (1)
- Die McDonalds word met tamaties gegooi. (1)
- Willem sit op die windpomp se platform en speel konsertina. (1)

6.11 6.11.1 Manuel/ die nar/die hanswors/die rooineus. (1)

6.11.2 "Daardie rooineus" (1)

6.11.3 Hulle het vir Manuel gejag en geskiet. (1)

6.11.4 Sleg/kwaad/teleurgesteld/geskok/verontwaardig/vies/ontsteld (omdat hulle vir Manuel geskiet het.) (1)

6.12 Hierdie mans was nou net by die kerk vir die oggenddiens, maar hulle staan gereed met hul gewere/mausers om vir Manuel te skiet.
(*Enige soortgelyke antwoord)* (1)

6.13 Jan Mol het geglo dat Manuel 'n duiwelsaanbidder is.
Jan Mol het vir die mans gesê: "...vandag skiet ons om vrek te skiet."
Jan Mol het vir Manuel geskiet.
Jan Mol het vir Manuel en die McDonalds veroordeel.
Jan Mol was een van die mense wat die McDonalds met tamaties gegooi het.
(*Enige TWEE Of soortgelyk*) (2)

6.14 C / eintlik weet van wie Jan Mol praat . (1)

6.15 Nee.
Jan Mol het immers vir die mans gesê: "... vandag skiet ons om vrek te skiet."
Jan Mol het vir Pieta gesê: "Toe maar, ons het Dominee aan ons kant."
Jan Mol erken aan Hendrik: "Ek het geskiet."
Jan Mol dreig om weer te skiet: "Gee pad daar of ek ..."
Jan Mol skiet verder op Manuel se wasgoed op die lyn.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

6.16 6.16.1 kommunikeer (1)

6.16.2 Willem het weer begin praat. (1)

6.17
- Hendrik dra Manuel in sy arms nadat hy geskiet is.
- Hendrik help vir Katrien om Manuel se wonde te versorg.
- Hendrik maak Manuel se leersak reg.
- Hendrik komplimenteer weer vir Katrien en sê sy is mooi toe sy regmaak vir die Volstruisdans.

(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

6.18
- Kommunikasie is baie belangrik.
- Ek moenie ander mense oordeel nie.
- Ek moet luister wanneer mense met my praat.
- Ek moet ander mense se gevoelens in ag neem.
- Ek moet vergewensgesind wees.

(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)
**[35]**

## VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee*

7.1 7.1.1 sensusmanne/goewerment beamptes/goewerment werkers/ staatsbeamptes (1)

7.1.2 bang/ bekommerd (1)

7.1.3 Benjamin/haar hanskind/haar optelkind/haar wit kind (1)

7.1.4 Huis/ woonplek/ blyplek (1)

7.2 7.2.1 figuurlike (1)

7.2.2 Die klip verwys na die twee sensusmanne (Lange en Dikke) wat:

- terug sou keer om te sê wat die magistraat besluit het.
- terug sou keer om te sê of Benjamin die kind is wat nege jaar tevore in die Bos weggeraak het.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

7.3 gerusstel (1)

7.4 Pollie (1)

7.5 Die volstruise kan begin boer.
(*Enige soortgelyke antwoord)* (1)

7.6
- Sy wou ’n stuk land/huurgrond koop/Laghaanse se huurgrond koop.
- Sy wou iets vir haar seuns nalaat.

(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

7.7 7.7.1 optelkind (1)

7.7.2
- Sy het hom 9 jaar tevore voor haar deur/ agterdeur gekry/op haar stoep gekry.
- Hy was ’n wit kind.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

7.8 7.8.1 Benjamin/Lukas/Fiela se hanskind/Fiela se wit kind/ optelkind
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

7.8.2 Ja.
Sy het vir hulle goed in die trommel gepak/ weggesit vir wanneer hulle wil trou.
(*Enige EEN of soortgelyk*)

**OF**

Nee.
- Hulle het ook hard gewerk om met die volstruisboerdery te begin.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

7.9
- Hy was gereeld dronk./Hy was 'n alkoholis/ dronklap.
- Hy het iemand in sy dronkenskap gesteek.
- Hy was in die tronk vir messteek.
- Hy was vir 'n misdaad aangekla.

(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

7.10 Ja.
Hy probeer geld kry om vir sy gesin te sorg.

**OF**

Nee.
Hy roei die olifante/natuurlewe uit.
(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

7.11 **Elias...**
- was lui en wou gou geld maak deur olifante te vang vir hulle ivoor.
- het in geluk en 'n goeie plan geglo.
- sou misdaad pleeg om gou geld te maak deur onwettig olifante dood te maak.

(*Enige EEN of soortgelyk)*

**EN**

**Fiela...**
- en haar gesin het in harde werk geglo om geld te maak.
- het realistiese maniere gehad om geld te maak.
- het op 'n eerlike manier geld gemaak.

(*Enige EEN of soortgelyk)* (1 feit vir Elias en 1 feit vir Fiela) (2)

7.12 neersien op (1)

7.13 Sy kon daardeur ontvlug van haar ongelukkige kinderdae.
(*Enige soortgelyke antwoord)* (1)

7.14
- Lukas gaan Knysna toe om vir Nina te soek.
- Lukas gaan Langekloof toe na die nuus van Dawid se dood.
- Lukas keer terug bos toe om Barta te konfronteer.
- Lukas gaan Knysna toe om vir Nina oor sy besluit te vertel. (4)

7.15
- Dit simboliseer die slegte tyding wat Nina bring oor Dawid se dood.
- Dit simboliseer die innerlike stryd wat Lukas gaan begin ervaar omdat hy besef hy is verlief op sy suster/Nina.

(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)

7.16
- Hy was deur Elias misbruik om sy werk te doen/deur hom te laat hard werk.
- Hy was deur Elias geslaan as hy vol nukke was.
- Hy word deur Elias geslaan omdat hy probeer weghardloop.
- Hy was nog nooit gelukkig in die bos nie.
- Elias het die kleurling uit hom geslaan.
- Hy het na die ope lug en sterre/sonskyn verlang en wou nie teruggaan na 'n donker bos nie.
- Hy wou leer roei en op die see werk.

(*Enige TWEE of soortgelyk)* (2)

7.17 7.17.1 By die uitkenningsparade (in die hof) waar Barta moes bevestig of hy haar verlore kind, Lukas, was.
(*Enige soortgelyke antwoord*) (1)

7.17.2 **Positief.**
Hy het Nina leer ken en verlief geraak./Hy kon sy geheime met haar deel.

**OF**

**Negatief.**
- Hy was van die Komoetie-gesin/sy gesin/Fiela en Selling/sy broers en susters/ dit waarvoor hy lief was, geskei.
- Hy was deur Elias mishandel/met ’n osriem geslaan.
- Hy moes as kind hard werk om vir Elias tevrede te stel.
- Hy was nooit seker oor wie hy was nie.
- Hy moes arm grootraak.
- Hy moes in ’n liefdelose huis grootraak.

(*Enige EEN of soortgelyke*) (1)

7.17.3 Lange het aan Barta gesê dat sy die een met die blou hemp aan moet kies.
(*Enige soortgelyke antwoord*) (1)

7.18 7.18.1 E/Miss Weatherbury

7.18.2 C/Kaliel

7.18.3 D/Fiela

7.18.4 B/Selling (4)

7.19 Ja.
- Hulle was nie eintlik broer of suster nie.
- Fiela sê: “Bloed keer bloed.”

(*Enige EEN of soortgelyk)*

**OF**

Nee.
- Hy het teen daardie tyd nie geweet dat Nina nie sy suster is nie.
- Hulle het soos broer en suster grootgeraak.

(*Enige EEN of soortgelyk)* (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "TWO-STEP IN DIE MOEDERSTAD" – Miloné du Toit

8.1.1 (a) bekende (1)

(b) Kaapstad/die moederstad (1)

(c) vreugde/geluk/blydskap/opgewondenheid (1)

(d) vreugdelose/kommerwekkende/moeilike/stresvolle/angstige/ mistroostige/hartseer/verdrietige (1)

8.1.2
- Hulle het mooi gepraat met die handelaar.
- Hulle het met die handelaar gekibbel oor die prys.
- Hulle het die handelaar probeer oorreed om die prys af te bring.

(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

8.1.3 Drie keer (1)

8.1.4 C/ hulle angstig en vreugdevol was. (1)

8.1.5
- Hy wou slegs die beste/duurste kitaarsnare hê.
- Hy was selektief.
- Hy het geweet waarna hy op soek was.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

8.1.6 (a) Marie (1)

(b)
- As leser ervaar ons haar waarnemings van gebeure in die verhaal.
- As leser ervaar ons haar siening oor hulle verlede en die huidige oomblikke.
- As leser leer ken ons haar emosies.
- As leser leer ken ons haar huidige voorkoms.
- Haar naam kan universeel wees aan enige vrou wat deur smart/lyding gaan.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

8.1.7
- Hy het haar buite die winkel om die lyf gegryp.
- Hy het haar byna na die motor gesleep.
- Hy het haar strand toe geneem.
- Hy het vir haar liefdesliedjies gesing.
- Hy kon nie wag om alleen saam met haar te wees nie.
- Hy het kwaliteittyd saam met haar spandeer.
- Hy het haar spesiaal laat voel.

(*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde*) (2)

8.1.8 In 'n vakansiehuis. (1)

8.1.9 Ja.
Hulle is vrolik ten spyte van hulle ...
- armoede
- omstandighede
- probleemkinders

**OF**

Nee.
- Hulle ontvlug van hulle probleme deur te drink.
- Die drank maak dat hulle ’n skyn vrolikheid ervaar.
- Hulle is nie regtig gelukkig nie, hulle is net dronk.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

8.1.10
- Hulle voel dieselfde oor hulle hartseer/pyn/lyding.
- Hulle deel dieselfde emosionele wroeging.
- Hulle dink en voel dieselfde oor hulle lyding.
- Hulle verstaan mekaar se pyn.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

8.1.11
- Hulle het dalk probleme met hulle ouer kinders.
- Het dalk ’n kind verloor.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

**EN**

8.2 **“ ’n HULPELOSE SAMARITAAN ” – T.T Cloete**

8.2.1
- Hy kan ontspan/dit is goed om te gaan stap/oefening te kry.
- Sy honde kry oefening.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

8.2.2 motoriese moment (1)

8.2.3 (a) ’n tref-en-trap-ongeluk (1)

(b)
- Die bestuurder het nie die beseerde man probeer help nie.
- Die bestuurder het nie uitgeklim na die ongeluk nie.
- Die bestuurder het op die fietsryer gevloek/ lelike woorde teenoor hom geuiter/ onder sy klere gevloek.
- Die bestuurder het gesê die man is dronk en het voor hom ingery.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

8.2.4 Arm mense wend hulle na drank om van hulle probleme te ontsnap/hulself te troos/om te ontvlug van hulle probleme.
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

8.2.5 (a) Ja. ’n Mens se lewe is kosbaarder as ’n hond s’n.

**OF**

Nee. Hulle was duur/opregte honde en kon gesteel word.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

(b)
- Hy het hulle verloor (was bekommerd oor hulle).
- Hy ervaar innerlike konflik omdat hy hulle nie kan opspoor nie.
- Hy moes ’n berig in die koerant plaas en ’n beloning vir hulle terugbesorging aanbied./was bereid om geld te betaal vir hulle terugkeer.
- Hy moes die boer vergoed/duisende rande betaal vir die skape wat hulle opgevreet/doodgemaak het.
- Hy moes slapelose nagte deurmaak omdat hy bekommerd was oor hulle.
- Hy ervaar wroeging omdat hy vir sy goeie daad ’n prys moet betaal vir sy honde se gedrag/dade.

(*Enige TWEE of soortgelyk*) (2)

8.2.6 (a) Herhaling/Ellips (Enige EEN) (1)

(b)
- Herhaling –
  Dit beklemtoon die feit dat Hans oor sy honde bekommerd is.
- Ellips –
  Dit verhoog die spanning/afwagting in die verhaal.

(*Die antwoord in (b) moet pas by die stylfiguur in (a)).*
(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

8.2.7 (a) B/Eufemisme (1)

(b) A/Kontras (1)

(c) E/Vergelyking (1)

(d) C/Metafoor (1)

8.2.8
- Hans moet besluit of hy mensliewend gaan wees of nie.
- Hans verlaat die dorp om na ’n hospitaal toe te gaan.
- Hans plaas ’n berig in die koerant en bied ’n beloning aan vir die terugbesorg van sy honde.
- Hans besef dat jy betaal vir iets wat jy nie wil hê nie, en jy betaal te veel. (4)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **"KRISIS" – Elizabeth Eybers**

9.1.1
- 'n Mens wat baie teleurgesteld is met sy/haar hart se raad of leiding.
- Die verstand/ hoof/ brein.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

9.1.2 (a)
- voortvarend
- lafaard
- siek
- las
- nooit in staat om besluite te neem nie/ besluiteloos.

*(Enige TWEE)* (2)

(b) Ja.
- 'n Mens se gevoelens of emosies kan 'n swaar las wees om te dra.
- Sake van die hart is soms moeilik om te verwerk.

*(Enige EEN of soortgelyk)*

**OF**

Nee.
- 'n Mens se hart kan jou soms in die regte rigting lei.
- 'n Mens se hart kan vir jou sê wat om te doen.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

9.1.3 (a) Is oortuig dat (1)

(b) Ja.
- Die spreker herhaal die woord "skei", wat aandui dat hy/sy vasbeslote is./eindig met die woorde "Hier moet ons skei".
- Die spreker besef dat jy jou gevoelens en logika moet apart hou sodat jou gevoelens nie jou besluite beïnvloed nie.

*(Enige EEN of soortgelyk)*

**OF**

Nee.
- Sy gevoelens oorheers sy logika.
- Sy hart/emosies/liefde oorheers altyd.
- 'n Mens dink met jou hart.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

9.1.4 (a) Italiaanse (1)

(b) oktaaf (1)

(c) sekstet (1)

(d) vaste (1)

9.1.5 (a)
- Dit gee 'n verduideliking van wie die "ons" is waarna verwys word.
- Dit beklemtoon die voornaamwoorde "jy" en "ek" wat volg.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

(b) Hartseer/verdriet/ongelukkigheid/smart/finaliteit
*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

9.1.6 D/ persoon word (1)

9.1.7 (a) C/personifikasie (1)

(b) D/Assonansie (1)

(c) B/Teenstelling (1)

9.1.8
- Al wil 'n persoon soms jou hart volg, is daar tog oomblikke waar jy liewer na jou rede/kop/verstand moet luister as besluite geneem moet word.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

9.1.9 Ja,
- want my emosies is belangrik en help my om goeie besluite te maak.
- ek vertrou my eie hart.

*(Enige EEN of soortgelyk)*

**OF**

Nee,
- ek wil eerder vorentoe my verstand gebruik.
- ek verkies logika bo gevoelens.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

**EN**

9.2 **WETENSKAPMANNETJIES – Antjie Krog**

9.2.1
- Wetenskaplikes/geleerdes
- Sterrekundiges/astronome
- Wetenskaponderwysers

(*Enige TWEE)* (2)

9.2.2
- Julle sit onder (strofe 1)
- Ons sit hoog (strofe 2) (1)

9.2.3
- Op 'n plaas.
- Op 'n windpomp.
- Buitekant.
- In die natuur.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

9.2.4 (a)
- "Julle **s**it onder **s**wart teleskope"
- "**d**an **d**ie"
- "**d**at **d**ie"

*(Enige EEN)* (1)

(b)
- Dit beklemtoon die woorde "sit" en "swart".
- Dit beklemtoon dat die astronome onder die swart teleskope sit/ net sit en navorsing doen.
- Dit skep ritme.
- Dit verleen musikaliteit aan die gedig.

(*Enige EEN of soortgelyk*) (1)

9.2.5
- Die spreker bejammer die wetenskaplikes omdat hulle net op wetenskap fokus.
- Die spreker kry hulle jammer omdat hulle nie die skoonheid van die natuur kan raaksien of waardeer nie.
- Hulle is pateties omdat hulle so negatief oor die toekoms van die natuur is.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

9.2.6 C/sarkasties (1)

9.2.7 Nee, sy/hy kry slegs 26% vir Wetenskap. (1)

9.2.8 (a) brand (1)

(b) "gloei" (r.11) en "verskroei" (r.12) (2)

9.2.9 (a) gehoor of gehoorsintuig (1)

(b) Ja. Sy/Hy luister na die geluide van die korhaan. (1)

9.2.10 B / een gedagte te vorm. (1)

9.2.11 Ja,

- want nes die spreker verkies ek ook die kunste en tale bo Wetenskap en Wiskunde.
- ek kry ook baie lae punte vir Wiskunde.
- ek is ook baie lief vir die natuur.

*(Enige EEN of soortgelyk)*

**OF**

Nee,

- ek is mal oor Wiskunde en Wetenskap.
- my punte vir Wetenskap is baie goed.
- ek is nie baie lief vir die natuur nie.
- ek dink die klank wat die korhaan maak, is baie onaangenaam.

*(Enige EEN o*f soortgelyk) (1)

9.2.12

- Gaan vir ekstra lesse.
- Vra jou onderwyser vir hulp.
- Doen jou klaswerk.
- Doen jou huiswerk.
- Studeer harder vir Wetenskap.
- Gee altyd van jou beste.
- Leer vir jou Wetenskap eksamen.

*(Enige EEN of soortgelyk)* (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou